# HOOFSTUK 5

# Die kerkreg en kerkregering van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1909-2007)

## 5.1. Historiese agtergrond 1906-1963

Op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1906) het die Sinodale Sendingkommissie (=SSK) aanbeveel dat stappe geneem moet word om die losstaande werkkringe onder "swartmense" tot een sendingkerk te konsolideer (*Acta NGK OVS* 1906:94). 'n Kommissie is deur dié Sinode benoem om 'n konsepreglement vir 'n sendingkerk op te stel. Die Kommissie het die *Konstitusie* van die NGSK as basis gebruik om die konsepreglement op te stel. Op 17 Maart 1909 het alle sendelinge en lede van die Sinodale Sendingkommissie vir die Binneland (=SSKB) byeengekom in 'n kategetekonferensie[1] om die stigting van 'n sendingkerk in Oranje Vrystaat (OVS) te bespreek. Dié konferensie het besluit dat die gestigte te worde sendingkerk se besluite aan die vetoreg van die SSKB onderworpe moes wees en dat sendelinge[2] en kategete deur die NGK-gemeentes beroep en/of aangestel moes word uit 'n groslys wat deur die Kerkraad van die sendinggemeente gevorm sou word. Die beroepingsreg van die NGK sou hierdeur

---

[1] Reeds 1903 het die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat die Sinodale Sendingkommissie gemagtig om jaarliks 'n sendingkonferensie genaamd *Catechete Conferenties* te hou. Daar was ook bepaal dat die voorsitter van die Sinodale Sendingkommissie as voorsitter van die konferensie sou optree. Op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1906) was hierdie bepaling gewysig sodat voortaan Ringskategete Konferensies gehou sou word en tweejaarliks 'n Algemene Kategete Konferensie te Bloemfontein. Hierdie konferensies het slegs adviserende magte gehad (Jacobs 1951:59).

[2] Die opleiding en legitimasie asook die uitreiking van die Bevestigingsakte was die verantwoordelikheid van die NGK: "Totdat die Moederkerk besluit om genoemde sake aan die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid Afrika toe te vertrou" (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:188). Die NGK was verantwoordelik vir die salarisse van die sendelinge en het ook hul standplase aangewys. Indien 'n gemeente die dienste van 'n swart leraar verlang, moes die Kerkraad 'n versoek rig aan die Sinodale en Eksamenkommissie van die NGK, wat aan nuwe leraars hul standplase sou aanwys en diensdoenende leraars waar nodig geag word, verplaas. Die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid Afrika was verantwoordelik vir die lewensonderhoud van swart leraars. Die NGK het aan die sendeling die *Akte van Toelating* verleen (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:170). Die sendeling het voor die kommissie van die NGK wat die Sendingeksamen afneem het, verskyn en was deur dié kommissie gelegitimeer. Die Sendingkommissie moes toestemming verleen met betrekking tot die goedkeuring dat 'n sendeling in 'n Sendinggemeente georden kon word (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:190 art 323). In geval van die aansoek om herstel van status van 'n sendeling moes die aansoek by die Sinode van die NGK ingedien word of gedurende die reses by die Sinodale Kommissie van die NGK. Die Sinode van die NGK kon aan die applikant toestemming verleen om hom by die Eindeksamenkommissie vir Sendingkandidate vir *colloquium doctum* aan te meld (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 87).

verskans word (Smith 1972:42). Die reglement van die voorgestelde sendingkerk, bestaande uit 13 artikels, was goedgekeur op die Sinode van die NGK –OVS (*Notule NGK OVS* 1909:88-91). Die lede van die Binnelandse Sendingkommissie (BSK) het volgens art vii sitting en stemreg op die Sinode van die Sendingkerk OVS gehad (1910:90). Art x stel dit duidelik dat die sendinggemeente verbonde bly aan die " plaatselijke Moedergemeente" (*Notule NGK OVS* 1909:91). Art xii stel dit dat in die uitoefening van tug oor geordende sendelinge deur die NGK uitgeoefen behoort te word in lyn met art 14.1-2 van die *Bepalingen der Ned Geref Kerk ORK omtrent het Zending Wezen* (1909:91). Alle besluite van die sendingkerk moes volgens art xii binne dertig dae aan die BSK ter goedkeuring of andersyds aan die Sinode van die NGK voorgelê word vir goedkeuring (*Notule NGK OVS* 1909:91). Die BSK het op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1909) kennis gegee dat 14 gemeentes aan die voorwaardes, soos neergelê in die konsepreglement, voldoen het en versoek het om in die Sendingkerk opgeneem te word. Die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1909) het besluit om 'n sendingkerk te konstitueer en het die konsepreglement aanvaar.

Offisiële gemeentestigting onder die inheemse bevolking in Oranje Vrystaat het op 1910 geskied. Op 9 Maart 1910 het die leraars en een kerkraadslid of oudkerkraadslid of kategeet van die sendinggemeentes, naamlik Winburg, Bloemfontein, Harrismith, Boshof, Betlehem, Ficksburg, Ladybrand, Heilbron, Bultfontein, Senekal, Vrede, Ventersburg, Kestell, Clocolan met die lede van die SSKB in Bloemfontein vergader en is die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in Oranje Vrystaat (=NGSK OVS) gestig (*Acta Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in die Oranjerivier Kolonie* 1910:3). Die voorsitter van die SSKB het

die vergadering wettig gekonstitueerd verklaar (Smith 1972:41-42). Die vetoreg van die SSKB was in die konsepreglement verskans. Die lede van die SSKB, naamlik di CP Theron, P Du Toit en J Rabie asook die sendingsekretaris, het reg op sitting en stemming in die Sinode van die NGSK OVS gehad. Ook het genoemde lede, die moderatuur van die NGSK OVS asook soveel ander lede as wat daar Ringe in die sendingkerk was en deur die vergadering gekies is, die Sinodale Kommissie van NGSK OVS gevorm (*Acta NGSK OVS* 1910:6 asook *Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art vii 1934:6-7). Art x het bepaal dat die onderskeie sendinggemeentes aan die plaaslike NGK-gemeente verbonde bly (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934:7). Bogenoemde veertien sendinggemeentes is op die Stigtingsinode in drie Ringe verdeel, naamlik 'n Noordelike Ring, Oostelike Ring en 'n Suidelike Ring. As moderatuur is die volgende ampsdraers gekies: eerww H A Roux (moderator), C J Smit (assessor) en IS Louw (scriba) (*Acta NGSK OVS* 1910:5).

Die SSKB het aan die werkkringe opdrag gegee om hul as gemeentes volgens die konsepreglement te organiseer. Alle sendinggemeentes wat voldoen aan die bepalinge van die *Konstitusie* het die NGSK OVS gevorm (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art i 1934:5). Teen 1910 het die Sendingkerk in OVS bestaan uit 26 gemeentes waarin 13 sendelinge werksaam was. Die NGSK OVS het in sy bestuur, inrigting en onderlinge toesig die wette en bepalinge van die NGK in Oranje Vrystaat gevolg vir sover dit op die omstandighede en behoeftes van die sendingkerk van toepassing was (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art iv 1934:6). Die Sinode van die NGSK OVS was saamgestel uit al die

diensdoenende geordende sendelinge en "naturelle"[3] leraars van gemeentes wat tot die NGSK OVS behoort, een afgevaardigde diensdoenende ouderling of evangelis uit elke plaaslike gemeente wat aan die sendingkerk behoort het; alle gemeentes wat Kerkrade het wat saamgestel was en ooreenkomstig die bepalinge vir die samestelling van Kerkrade wat by die NGK in gebruik was, gewerk het en ten minste £30 per 100 lidmate per jaar ingesamel het (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art v 1934:6). Gemeentes se vaste goedere moes op die volgende wyse getransporteer wees:

i. Op die naam van die plaaslike blanke Kerkraad;
ii. Op die naam van die Algemene Sendingkommissie;
iii. Op die naam van ander liggame deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur met die woorde : "vir die NG Sendingkerk gemeente op....

(*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934 art v 1934:6)

In art 20 van die *Bepalingen nederduitsch gereformeerde kerk oranje rivier kolonie* is bepaal dat die sendeling voorsitter van die plaaslike sendinggemeente is en waar daar geen sendeling is nie, het die predikant van die NGK of iemand uit die plaaslike sendingkommissie van die NGK as voorsitter fungeer. Laasgenoemde was aangewys deur predikant van die NGK (*Bepalingen nederduitsch gereformeerde kerk oranje rivier kolonie* 1906:7). Artikel 4 en 5 het bepaal dat die Sinode en Ring onder die presidium van 'n sendeling vergader (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934:5-6 ).

Teen 1911 het 20 gemeentes en teen 1928 het 58 gemeentes aan die Vrystaatse Sendingkerk behoort. Teen 1928 was daar al "enige naturelleleraars en evangeliste" onder die afgevaardigdes van die Sinode van die NGSK OVS (*Acta NGSK* 1928:57). Die NGSK OVS kon nie buite die grense wat deur die NGK bepaal is, ontwikkel

[3] In die dissertasie word die historiese terminologie gebruik byvoorbeeld "naturelle", "Bantoe", Kleurling ensovoorts.

nie (Smith 1972:42). Vir die eerste dertig bestaansjare van die NGSK OVS het die NGSK OVS ongekwalifiseerd die kerkregtelike beginsels soos oorgedra deur die NGK-teoloë en/of sendelinge aanvaar. Die NGSK OVS was nie selfstandig nie, maar het kerkregtelik onder die beheer van die NGK Oranje Vrystaat gestaan (Smith 1972:42). Volgens eerwaarde J P Jacobs was dit kerkordelik bepaal dat die plaaslike predikant van die NGK die konsulent van ’n sendinggemeente kon benoem (1951:67). Die *Grondwet* van die NGSK OVS het bepaal dat die voorsitterskap en die skribaat van die Ring deur sendelinge waargeneem moes word (Jacobs 1951:68). Daar word ook in die *Grondwet* verder bepaal dat die moderatuur uit sendelinge moes bestaan (Jacobs 1951:69). Alle wetswysigings en wetsbepalinge wat deur die NGK opgestel was, was onmiddellik in die NGSK OVS van krag (Jacob 1951:70). Die NGSK OVS het dus geen reg tot ratifikasie gehad nie.

Op 27 Mei 1929 het ’n konferensie te Graaff-Reinet plaasgevind wat deur beide die moderatuur van die NGSK en die NGSK OVS bygewoon was. Op dié konferensie was die wenslikheid en noodsaaklikheid van samewerking tussen die twee sendingkerke beklemtoon. Die konferensie het dit aan die twee moderature opgedra om by hul onderskeie kerk te pleit vir die daarstelling van ’n adviserende raad bestaande uit beide kerke. Die doel van die Adviserende Raad was om gesamentlik op te tree en die belange en standpunt van die sendingkerke te verdedig, te behartig en te bepleit by die staat, die NGK asook by ander kerkgenootskappe (*Acta NGK* OVS 1932:10). Op die Sinode van die NGK OVS (1932) is die versoek vir die daarstelling van ’n adviesraad vir die sendingkerke goedgekeur. Teen 1937 het die Ned Geref. Sendingkerk in Oranje Vrystaat 65 gevestigde gemeentes en 15

werkkringe met 36 geordende sendelinge, 6 swart leraars[4] en 24 evangeliste getel. Die ledetal van die gemeentes was ongeveer 20 000 (*Acta NGSK* 1937:124).

Die Algemene Sinodale kommissie het in 1925 geoordeel dat die tyd nog nie ryp was vir die daarstelling van 'n selfstandige sendingkerk onder die swart mense in Transvaal nie (Smith 1972:46). Op die Sinode van die NGK Transvaal (1928) het die Sinode haar ten gunste van die konstituering van 'n sendingkerk onder swartmense verklaar en het opdrag aan die Kommissie vir Revisie gegee om in samewerking met die Sinodale Sendingkommissie 'n konsep grondwet op te stel. Op die Sinode van die NGK Transvaal (1931) is die konsep grondwet wat in wese met die *Grondwet* van die NGSK ooreengestem het, aanvaar (Smith 1972:46). Op 3 Maart 1932 is die losstaande sendingwerkkringe in die Transvaal in 'n sendingkerk, genaamd Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika, gekonstitueer. Die jurisdiksie van die NGK oor die sendingkerk was in die konsep grondwet verskans. In die Transvaalse Sendingkerkwet, soos gepubliseer in die bylae agter in die *NGK Wetboek* was in art 6 daarvoor voorsiening gemaak dat die lede van die Plaaslike Sendingkommissies as stemgeregtigde lede van die Kerkraad van die Transvaalse Sendingkerk kan funksioneer. Met betrekking tot die voorsitterskap van die Kerkraad word geen onderskeid in die konsep grondwet gemaak tussen die sendeling of die leraar uit die inheemse bevolking nie. Wie ook al leraar van die Transvaalse Sendingkerk was, was *ex officio* voorsitter van die Kerkraad. Die konsulent van die Sendinggemeente kon die predikant van die NGK vra om as voorsitter van die Kerkraad op te tree (Jacobs 1951:67). Behalwe die leraars en

[4]Alreeds op die NGSK OVS gehou op die 14 Maart 1922 en verdere dae te Bloemfontein was 5 swart leraars afgevaardig (*Acta NGSK* 1924:55). Die lede van die Algemene Sinodale Sendingkommissie was saam met die Sendingsekretaris stemgeregtigde lede van die Sinode en die Sinodale Kommissie van die Ned Geref. Sendingkerk in Oranje Vrystaat (Jacobs 1951:68).

kerkraadsverteenwoordigers op die Ring, was nog twee verteenwoordigers van die Ringsendingkommissie van die NGK en een afgevaardigde uit elke Plaaslike Sendingkommissie in die Ringsressort stemgeregtigde lede van die Ringsvergadering (Jacobs 1951:68). Die *Grondwet* van die Transvaalse Sendingkerk het verder volgens Jacobs (1951:68) ook bepaal dat ŉ "blanke lid van die vergadering tot voorsitter gekies moes word." Drie lede van die NGK se Sinodale Sendingkommissie stemreg en sittingsreg op die Sinode en Sinodale Kommissie van die Transvaalse Sendingkerk gehad. Verder het die *Grondwet* ook bepaal dat die moderatuur uit sendelinge moes bestaan (Jacobs 1951:69).

Op 20 Julie 1932 het 'n konferensie te Bloemfontein plaasgevind wat deur die NGSK, die NGSK OVS asook die Transvaalse Sendingkerk bygewoon was (*Acta NGSK* 1932 Rapport 13). Dié konferensie het besluit dat dit noodsaaklik was dat daar superintendente in die Ringe sal wees om toesig oor die werksaamhede, registers en finansiële boeke in die verskillende gemeentes uit te oefen. Teen 1937 het die Ned Geref Kerk in Transvaal bestaan uit 42 gevestigde gemeentes en 20 werkkringe, met 'n ledetal van 21 194. Die NGK het in die geval van die Sendingkerke onder die swart mense anders as in die geval van die NGSK 100% verantwoordelikheid aanvaar vir die salarisse van die sendelinge en swart leraars en evangeliste (*Acta NGSK* 1937:124). In Art 11 van die *Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Transvaal* 1947 word bepaal dat die beslissing van 'n mindere vergadering vatbaar vir beroep by die naasvolgende meerdere vergadering. Terwyl die appèl hangende was, was die appellerende party verbonde om die beslissing te gehoorsaam totdat die saak voor die meerdere vergadering gedien het en aldaar finaal beslis was. Geen saak wat reeds voor 'n mindere vergadering moes

gedien het, kon direk voor 'n meerdere vergadering gebring word nie (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1947:12). In art 31 word bepaal dat waar die sendinggemeente niks bydra tot die sendingkas nie, kon die Kerkraad van die besondere gemeente nie deel vorm van die kieskollege by die beroeping van 'n predikant vir 'n sendinggemeente nie (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Transvaal* 1947:16). In so 'n geval het die plaaslike sendingkommissie van die NGK 'n beroep uit gebring.

Tot 1954 het slegs sendelinge in die Moderatuur gedien. In 1954 het ds SS Tema die eerste swart predikant[5] geword wat tot die Moderatuur van die NG Sendingkerk Transvaal gekies was. Op dié Sinode is op voorstel deur die afgevaardigde van Sophiatown en gesekondeer deur die leraar van Pretoria-Wes goedgekeur dat die tyd ryp geword het dat 'n assistent-scriba gekies word (Jacobs 1951:91). Eerw SS Tema is gevolglik op die Sinode as assistent-scriba gekies. Hy het die Sinode bedank dat deur die skepping van die pos assistent-scriba "en die verkiesing van 'n nie-blanke daarvoor, dit blyk hoedat ons kerk graag die nie-blanke wil voorberei en oplei om al groter verantwoordelikheid in die sendingkerk te dra" (Jacobs 1951:91). Op die agste vergadering van die Ned Geref Sendingkerk in Transvaal (1956) is ds SS Tema as assessor gekies (*Acta Ned Geref Sendingkerk in Transvaal* 1956:102).

In 1948 het die Sinode van die NGK Natal 'n voorstel van die Sinodale Sendingkommissie goedgekeur dat daar tot die stigting van 'n eie sendingkerk vir

[5] Die NGK het deur middel van die plaaslike NGK gemeentes verantwoordelikheid geneem vir die salaris van die sendelinge (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die salarisse van die swart leraars en/of evangeliste van die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid Afrika was deur die Sinode van die NGK bepaal en uit 'n Sentrale Fonds betaal wat deur die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid Afrika gestig was en in stand gehou was deur middel van eie bydraes asook bydraes van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die sendelinge se reiskostes na vergaderinge was deur die Algemene Sendingkommissie van die NGK gedra (*Wette en Bepalinge NGK in SA1953*: 190).

swartmense oor gegaan kon word. 'n Konsep grondwet wat vir die doel voorgelê was, was terselfdertyd goedgekeur (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal* 1948:52). In die konsep grondwet was bepaal dat die Moderatuur asook voorsitters en scribas van die sendingkerk uit die wit afgevaardigdes gekies behoort te word (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal* 1948:52-67). Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Natal het soos die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika in Transvaal totaal onder die jurisdiksie van die Sinodale Sendingkommissie gestaan. Selfs die aanstelling van Kerkrade is deur die Sinodale Sendingkommissie gedoen (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Natal* 1948). Kerkrade was dus nie beroep nie, maar aangestel. Die NGK in Natal het in 1951 die konsep grondwet goedgekeur en het aan die Sinodale Sendingkommissie (=SSK) opdrag gegee om tot die konstituering van die sendingkerk oor te gaan. Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal was 1952 gekonstitueer. Met die stigting was hul 8 gemeentes sterk wat deur 18 sendelinge bedien was.

Reeds 1859 is met sendingwerk onder die swartmense in Kaapland onder die jurisdiksie van die Sinodale Sendingkommissie begin (Smith 1972:49). Aanvanklik het die gekerstende swartmense by die NGSK ingeskakel. NGSK gemeentes in die Oos-Kaapland, die Noordweste, Griekwalandwes en selfs gemeentes soos De Aar in die Middel-Karoo het volgens Kriel "Bantoewerkkringe of lidmate gehad" (1963:218). Die Sinode van die NGK (1924) het besluit om sendingwerk in die Transkei-geweste te onderneem:

> Oortuig sowel van die wenslikheid as die besondere verantwoordelikheid wat op ons, die grootste kerk in Suid-Afrika rus, om die naturelle van Suid-Afrika en in besonder van die Kaapkolonie te evangeliseer, draag dit op aan die Algemene Zending Kommisse om sonder versuim stappe te neem om sendingwerk te

onderneem in die Transkei-geweste.
(*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kaapland* 1924:34)

Die Algemene Sendingkommissie wat jarelank besig was met sending onder die inheemse bevolking het teen die veertigerjare ongeveer 15 tot 20 gemeentes of werkkringe onder hul jurisdiksie gehad (Kriel 1963:218). Dit het onder andere die volgende gemeentes en/of werkkringe ingesluit Isilimela, Rietvlei, Cala, Kokstad, Dordrecht, De Coligny, Adelaide, Alexandria, Albanie, Paterson, Riebeeck-Oos, Uitenhage, Warrenton, Kuruman en Vryburg. 'n Transkeise Sending-subkommissie was saamgestel wat as Sendingraad gekonstitueer het.

Die Sinode van die NGK (1945) het 'n voorstel goedgekeur dat tot die stigting van 'n Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk[6] oorgegaan kon word (Smith 1972:50). Alle reëlings met betrekking tot die konstituering van 'n Sinode asook die daarstelling van 'n kerkregtelike raamwerk vir die sendinggemeentes onder swartmense, was die verantwoordelikheid van die NGK. Drie lede van die Sinodale Sendingkommissie het volle sitting op die Sinode gehad en was ook *ex officio* lede van die Sinodale Kommissie van die Ned Geref Bantoekerk. Op Ringsvlak het twee lede van die NGK se Ringsendingkommissie volle sittingsreg op die Ringsittings van die Ned Geref Bantoekerk gehad. Die beginsel van eerste en tweede leraar is aanvaar wat veronderstel het dat die eerste leraar altyd 'n sendeling behoort te wees en dat die sendeling voorsitter van elke gemeente onder hom was. Slegs met spesiale verlof van die sendeling kon 'n swart leraar as voorsitter optree (Smith 1972:53). Die NGK het die selfregering van die geplante kerk as Gereformeerde kerkregbeginsel totaal geïgnoreer. Gedurende November 1951 te Oos-Londen was die losstaande

---

[6] In die dissertasie word die historiese verwysings gebruik byvoorbeeld Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika of Ned Geref Bantoekerk.

sendingwerkkringe en gemeentes in Kaapland tot die Ned Geref Bantoekerk gekonstitueer (*Acta NGK* 1953:382). Op dié Sinode was 21 gestigte gemeentes verteenwoordig deur 17 sendelinge en 21 ouderlinge, terwyl 26 werkkringe afgevaardigdes gestuur het (*Acta NGSK* 1954:195). Die Sinode was saamgestel uit al die leraars en sendelinge van die gemeentes en werkkringe en werksaamhede van die Ned Geref Bantoekerk, een afgevaardigde ouderling of oud-ouderling (voorstander) uit elke gemeente, die lede van die Binnelandse Bantoe-subkommissie van die NGK met adviserende stem. Werkkringe wat 'n bewys gelewer het dat hulle 'n permanente karakter ingeneem het, hul Rings- en Sinodale verpligtinge nagekom het en wat 50 of meer lidmate het en nie deur 'n sendeling of leraar verteenwoordig word nie, kon een afgevaardigde met volle stemreg na die Sinode stuur (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:bep 130: 52). Op die Sinodale Kommissie het die lede van die Binnelandse Bantoekommissie adviserende stem gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968 bep 131:52).

Die eerste moderatuur het bestaan uit die volgende sendelinge: di J C Oosthuizen (moderator), J Du Preez (actuarius), J A Greyling (assessor) en eerw A M Scheffler (scriba sinodi). Die gemeentes en werkkringe is op die Stigtingsinode in vier Ringe verdeel te wete Langa, Alexandria, Ciskei en Transkei (Kriel 1963:220). In die streek Middelburg was 12 werkkringe en in die streek Noord-Kaapland was daar 25 werkkringe. Die Ned Geref Bantoekerk het 'n konsep grondwet opgestel wat inhoudelik ooreengekom het met die *Grondwet* van die NGSK: "Dit was 'n kompliment vir die sendingkerk, om uit die mond van die gewese Actuarius, ds Greyling, te verneem, dat ons wetboek hom die beste leen as basis vir hulle doel op grondslag waarvan hulle hul eie opstel" (*Acta NGSK* 1954:196). Die uitbouing van

eie wette en bepalinge binne die gegewe *Grondwet* was een van die belangrikste sake waarmee die Ned Geref Bantoekerksinode (1954) haar besig gehou het (*Acta NGSK* 1954). Die Ned Geref Bantoekerk het aanvanklik gefunksioneer onder die wette en bepalinge soos van tyd tot tyd deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur en uitgegee (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:191). Die reg om die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekerk te wysig, uit te brei of te herroep, het by die Algemene Vergadering van die Sinode van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:191). Die NGK se beslissing was finaal. Die NGKA was onderworpe aan die gesag van die NGK. Sonder goedkeuring van die NGK kon die Grondwet nie gewysig word nie. In die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekerk het enkele Doleansiekerkregbeginsels tereg gekom, naamlik die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekerk is die grondslag van die regmatige kerklike handeling van die sendinggemeente in Kaapland onderling.

### 4.2. Die Grondwet 1951 tot 1963

#### 5.2.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Kerkregtelik het die sendingkerke[7] onder die swartmense geheel en al onder die jurisdiksie van die NGK gestaan. Van selfstandigheid van die plaaslike gemeente was daar geen sprake nie. Eie regering en gesag het in al bogenoemde gekonstitueerde sendingkerke ontbreek. Die SKKB het die vetoreg in genoemde sendingkerke behou. Die gesag van die Kerkraad is volgens die Doleansiekerkreg

[7] Met sendingkerke word in die afdeling verwys na die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Oranje Vrystaat, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal, die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal.

eiesoortig aangesien die Kerkraad hul taakomskrywing van God ontvang en nie van 'n kommissie nie. Daarom kan die gesag van die Kerkraad nooit oorgedra word na 'n kommissie nie. Die gesag van 'n meerdere vergadering is volgens die Doleansiekerkreg immers gedelegeerd en beperk. Die NGK het nie selfstandige kerke gestig nie, maar het werkkringe gestig wat anders as wat die Gereformeerde kerkreg veronderstel van bo af deur die NGK beheer was:

> Aanvanklik word die gelowiges uit die Nie-Blanke heidendom saamgevoeg in afsonderlike gemeenskappe (werkkringe) wat naas die Blanke gemeentes bestaan. Waar die omvang van die werk dit vereis, is kategete aangestel om die plaaslike leraar met die geestelike bearbeiding van die Nie-Blanke gelowiges te hulp te wees.
>
> (Smith 1972:41)

Die werkkringe het geen regsbevoegdheid gehad nie. In die Transkei is oorgegaan tot die konstituering van Sendingrade asook Gemeenterade (Smith 1972:50). Die Sendingraad het bestaan uit al die wit personeellede werksaam in die werkkring en was in volle beheer van die sendingwerk in die werkkring. 'n Gemeenteraad het bestaan uit die voorsitter van die Sendingraad (*ex officio*), die leraar en twee ouderlinge van 'n gevestigde gemeente, die leraar en twee afgevaardigdes deur die leraar en onderwysers van elke stasie waar daar nog nie 'n gevestigde gemeente is nie gekies en 'n gedoopte Christen van elke gemeenskap van Christene deur die Sendingraad goedgekeur het. Slegs wit persone kon as voorsitter en/of sekretaris van die Gemeenteraad gekies word. Die Gemeenteraad het jaarliks vergader en was verantwoordelik vir die kerklike opsig en tug oor die swart lidmate. Alle besluite van die Gemeenteraad was onderworpe aan die goedkeuring van die Sendingraad (Smith 1972:41-43).

Met die daarstelling van die Sendingrade en Gemeenterade was ŉ sentralistiese hoër en laer bestuur ingestel. Daarteenoor lê die Doleansiekerkreg klem op die feit dat alle vorm van oppermag en/of mag die een op die ander afgewys word. Die werkkringe en latere Sendingkerke was gekonstitueer as *ecclecia incompleta.* Die NGK het nie die gekonstitueerde Sendingkerke as komplete kerke gesien nie en het voogdyskap oor die gekonstitueerde sendingkerke uitgeoefen. Die NGK het haar die eiesoortige mag te wete regsprekende, wetgewende en regerende mag, van die kerk toegeëien onder andere deur die verskanste Grondwette en deur die daarstelling van die Sendingrade. Die daarstelling van Sendingrade en Gemeenterade is vreemd aan die Gereformeerde Kerkregtelike beginsels vir kerklike vergaderinge.

Aan die werkkringe is voor konstituering weinig kerkregtelike bevoegdheid verleen. Die werkkringe was van meet af totaal onder die jurisdiksie van die NGK Kerkraad, Ringsendingkommissie of die Sinodale Sendingkommissie gestaan. Deur middel van die daarstelling van die Sendingrade het ’n stelsel van hiërargie in die Sendingkerke ingesypel. Die Sendingraad het groter gesag gehad as die Kerkraad van die Sendingkerke (Smith 1972:43). Die skepping van Gemeenterade staan teenoor die Doleansiekerkregbeginsel dat elke plaaslike gemeente ’n volledige selfstandige openbaring van Christus se liggaam is. Die NGK het verteenwoordigers met keurstem op die Gemeenterade sowel as op die meerdere vergadering van die sendingkerk gehad. Die selfregerende aspek van die geplante kerk was totaal met die daarstelling van sendingkerke onder swartmense geïgnoreer. Die NGK het anders as wat die DKO in 84 bepaal, oor ’n ander kerk heerskappy gevoer. Die Sendingkerke was deur middel van die *Grondwet* verplig om korrespondensie met die NGK te behou. Die NGK gaan van die veronderstelling uit dat die Sendingkerke nie oor die

primêre mag (*ecclesiae primae*) beskik nie.

Die Algemene Sendingkommissie, wat deur die Sinode van die NGK benoem was, was verantwoordelik vir al die sendingwerk, binnelands en buitelands wat deur die NGK behartig was (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75). Die binnelandse sending sluit volgens art 297 "die arbeid aan die kleurlinge en naturelle in wat binne die perke van die kerk woon en van sy geestelike versorging afhanklik is" (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75). Sendingwerk moes binne die grense van die NGK behartig word onder die anderskleuriges op dorpe en plase (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75). Die bearbeiding moes in gevestigde sendinggemeentes of sendingwerkkringe plaasvind (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75). Die Sendingkerke kon nie self gemeentes stig nie. Dit het by die Binnelandse Naturelle-subkommissie gelê om nuwe sendingwerkkringe te stig (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187). Toestemming moes vooraf van die Binnelandse Naturelle-subkommissie verkry word. Voordat daar oorgegaan kon word tot gemeentestigting moes die Sendingkerke bewys lewer dat daar honderd swart lidmate sou wees wat gesamentlik sewentig pond jaarliks sou kon bydra. Van die reël kon slegs met goedkeuring van die Binnelandse Naturelle-subkommissie afgewyk word (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187). Daar moes tot bevrediging van die Binnelandse Naturelle-subkommissie voorsiening gemaak word vir die toereikende onderhoud, reiskoste en geskikte woning vir die leraar en/of sendeling (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187).

As konfessionele basis het die Sendingkerke, die Belydenis van die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God asook die Formulier van Enigheid, soos

vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls, aanvaar:

> Art 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in: Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1919, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die vyf Dordtse Leerreëls en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.
>
> (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:184)

Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenisgrondslag het nie en kerkregtelik verskillend georganiseer is, is regstegnies volgens dié artikel nie moontlik nie, aangesien eenheid in belydenis en kerkregtelike beginsels die samebindende faktore in kerkverband is. Die eenheid van die kerk bestaan hoofsaaklik in die gemeenskaplike belydenis. Niemand kon tot die bediening van die Woord in die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika toegelaat word nie sonder die aanvaarding van die belydenisskrifte nie.

### 5.1.2. Die karakter van die kerkverband

Sedert 1906 was afsonderlike werkkringe vir die swart gelowiges in die lewe geroep. Die werkkringe het nie oor die status as gemeentes beskik nie. Daar was aanvanklik selfs geen Kerkrade gekies nie. Veel eerder was opsieners en/of voorstanders deur die Sinodale Sendingkommissie in die onderskeie werkkringe aangestel, wat toesig oor die medegelowiges moes hou (Smith 1972:41). Voorsiening was hierdeur gemaak vir 'n vyfde kerklike vergadering, te wete die Raad van Voorstanders. Elke werkkring het 'n Raad van Voorstanders gehad aan wie die supervisie, die regering en die tug van die lidmate toevertrou was (bep 47 1969:14 asook bep 77 in die *Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969:23). Die Raad van Voorstanders het bestaan uit ten minste drie voorstanders saam met die sendeling of leraar in die

hoedanigheid van 'n konsulent of 'n leraar in die NGK-kerkverband deur die Ring of moderatuur benoem in die hoedanigheid van 'n tydelike of waarnemende konsulent. Die Raad van Voorstanders het gefunksioneer soos 'n Kerkraad en was verantwoordelik vir die supervisie en tug oor die werkkring totdat die eerste Kerkraad van 'n nuwe gemeente gekies was (bep 78-79:1969:23 asook bep 83.d:29 *Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968). Op die gekombineerde kerkraadsvergaderinge het die voorstanders stemreg gehad. Waar dit moeilik was om 'n kworum te verkry, was die voorstanders ingeroep om 'n kworum te help vorm.

Formeel was later wel gemeentes in meerdere kerkverband saamgestel, maar van die Gereformeerde kerkregtelike beginsels wat betrekking het op die kerkverband het aan die begin nie veel van gekom nie. 'n Meerdere vergadering is volgens art. 30 van die DKO altyd 'n vergadering van kerke. In die meerdere vergaderinge van die sendingkerke was die NGK egter deur die Binnelandse Naturelle-subkommissie verteenwoordig. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente van die Sendingkerke was beperk deurdat die Ned Geref Bantoekerk slegs met toestemming van die NGK met gemeentes van ander genootskappe in kerkverband kon tree. Die stigting van nuwe werkkringe het by die Binnelandse Naturelle sub-kommissie berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187). Die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika het bestaan uit al die plaaslike gemeente, sendingwerkkringe en werksaamhede wat deur die NGK gestig is of nog gestig sou word of wat in verband met die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika gestaan het asook alle gemeentes wat deur die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika self ooreenkomstig hul eie wette en bepalinge gestig is (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 184).

By die Sendingkerke was die kerkorde die basis van akkoord tussen die verskillende gemeentes. Die *Kerkorde van die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika* bepaal onder andere dat die verskillende plaaslike gemeentes van die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika verplig is om met mekaar in kerkverband te tree (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:186). Op die Ringsvergaderinge van die Ned Geref Bantoekerk het die Ringe van die NGK wie se gemeentes betrokke was by die Ringe van die Ned Geref Bantoekerk, sitting en stemreg gehad (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:186).

### 5.2.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die sinodale mag van die Sendingkerke word beperk deur die Binnelandse Sendingkommissie, wat as Sinodale Kommissie van die NGK seggenskap oor die Sendingkerke gehad het. Die Algemene Sendingkommissie het die reg om met toestemming van die Kommissie van Toesig en Kontrole in enige deel van die sendinggebied vaste eiendom te verkry en dit volgens Reg 11(4) te laat registreer (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:78). Met toestemming van die Kommissie van Toesig en Kontrole kon die Algemene Sendingkommissie eiendom verkoop, verruil of vervreem (art 381(7) *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 78). Met betrekking tot eiendomsreg het die Grondwet bepaal dat in die geval waar 'n gemeente, Ring of Sinode van die Sendingkerke die hele koopskat van onroerende eiendom byeengebring het en afbetaal het, kon met toestemming van die Binnelandse Naturelle-subkommissie sodanige onroerende eiendom getransporteer word op die naam van die betrokke kerkbesture van die Sendingkerke. Waar die transportering volgens die landswetgewing nie toelaatbaar was nie, kon met inagneming van sodanige wetgewing, die Sendingkerke en die Binnelandse Naturelle-subkommissie

as trustees vir sodanige eiendomme benoem word. Eiendomme kon nie vervreem, verkoop of beswaar word nie sonder vooraf verkreë toestemming van die NGK. Die NGK het die mag voorbehou om die grense van die Sendingkerke te bepaal. Grensoorskryding en/of uitbreiding van die Sendingkerke kon slegs met toestemming van die NGK plaasvind.

In die meerdere vergaderinge het nie slegs die afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes byeengekom nie, maar ook die lede van die Sendingkommissie wat ook stemgeregtigde lede van die NGKA was. Die meerdere vergadering is volgens die Gereformeerde kerkreg nie 'n vergadering van persone en/of dienste nie, maar bestaan uit 'n afvaardiging van die Kerkraad. Die NGK het deur middel van haar Sendingkommissie kerklike mag in die plaaslike gemeente uitgeoefen. Die Sendingkommissie was met sinodale mag oor die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke beklee. Die NGK het die Sendingkerke in 'n staat van onmondigheid gehou en het van die kerkregtelike veronderstelling uitgegaan dat daar geen prinsipiële verskil tussen het gesag van die Sinodale Kommissie van die NGK en die meerdere vergadering van die Sendingkerke bestaan nie. Onroerende eiendom van die Sendingkerke kon byvoorbeeld nie sonder toestemming van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie beswaar, verkoop of vervreem word nie.

Die waarnemers uit die betrokke Ringe van die NGK het adviserende stemreg op die Ringsvergaderings van die NGKA gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969 bep 81:1969:24). Op die Sinode het die Binnelandse Bantoe Sendingsubkommissie (BBSK) adviserende stem gehad (bep 97(b) 1969:30). Die Skakelkommissie het bestaan uit die lede van die BBSK, moderatuur en die

saakgelastigde van die Streeksinode van die betrokke NGKA (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* bep 118 1969:38). Die Skakelkommissie was onder andere verantwoordelik vir die plasing of verplasing van sendelinge.

**5.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers**

Sendelinge en kategete vir die sendingkerk was beroep of aangestel deur die NGK uit 'n groslys wat deur die Kerkraad van die sendinggemeentes opgestel was. Dit was die taak van die NGK om bedienaars van die Woord en hulpkragte vir die sendingtaak op te lei en uit te stuur (*Skema NGK* art 7 1967:94). Die NGKA het in oorleg met die plaaslike NGK 'n groslys opstel vir deursending aan die SSKB. Die beroeping was die taak van die SSKB. Die beroepsbrief was gevolglik voorsien en geteken deur die Binnelandse Sendingsekretaris (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969:bep 32:11). Alhoewel die NGK die sendeling bevestig het, het die NGKA die verklaring van die beroepende as lid van die Ring gedoen (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969 bep 33:11). Die verplasing van sendelinge het geskied deur die Skakelkommissie na raadpleging van die sendelinge en betrokke instansie van die NGKA. Die Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo het bepaal dat die SSKB het die Akte van Demissie moes uitreik en dat dit aan die sendeling deur die Ringskommissie van die NGK van die Ring waar die sendeling werksaam was, oorhandig moes word. In die Kerkorde van die NGK word bepaal dat waar op 'n bepaalde plek 'n aantal gelowiges uit 'n bevolkingsgroep deur belydenis en doop saamgevoeg word en solank daar nog nie genoegsame persone tot die besondere ampte van ouderling en diaken gekies kon word nie, sou die lidmate saam met die betrokke bedienaar van die Woord en hulpkragte onder die opsig en tug van die NGK staan (*Kerkorde NGK* 1967:95, art 8).

> Vandaar dat die sendelingkonferensie van 1909 die vetoreg van die sinodale sendingkommissie oor die besluite van die dogterkerk aanvaar het en die beroepingsreg ten volle aan die kerkrade van die moederkerk oorgelaat het. Ook hierin was dit dus ’n afsonderlike, maar ’n ondergeskikte kerk.
> (Smith 1972:42)

Leraars uit die inheemse bevolking het onder die opsig en tug van die betrokke Ring van die Sendingkerk waaraan hul behoort het geval. Die *Grondwet* het bepaal dat “naturelleleraars onder die toesig van die blanke leraars staan” (Jacobs 1951:72). In die geval van diegene werksaam in werkkringe onder die Sinodale Sendingkommissie of Ringsendingkommissie het hul onder die betrokke kommissies se opsig en tug geval (Jacobs 1951:70).

Met betrekking tot die tug oor sendelinge was bepaal dat hul onder die opsig en tug van die NGK val. Sodra daar gronde vir die behandeling van ’n klag teen ’n sendeling was, moes die klag met alle nodige bewysstukke na die betrokke vergadering van die NGK verwys word vir finale afhandeling (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:bep 153:69). Die NGK het dus die beroepingsreg en tugreg oor sendelinge behou: “Die Ringe van die sendingkerke oefen geen tug uit oor sendelinge nie. Dié is deur al die konstitusies voorbehou, sodat sendelinge onder die jurisdiksie van die moederkerke staan” (Jacobs 1951:68).

In art 182 (e) 1-3 van die *Kerkorde Wette en verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat* 1934 word bepaal dat die Ringskommissie van die sendingkerk onder wie se ressort sodanige sendeling arbei, neem kennis van die klag en gee dadelik kennis aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie met insluiting van die klag. Die kommissie stuur die klag aan die

voorsitter van die Ringskommissie van die NGK onder wie se ressort die sendeling werk, met die uitspraak gee die Ringskommissie van die NGK weer kennis aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie wat op sy beurt kennis gee aan die Ringskommissie van die NGSK OVS (*Kerkorde Wette en verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat* 1934:75).

Art 17 van die Grondwet 1953 van die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika maak voorsiening vir vier kerkvergaderinge naamlik die Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode. Aan die vier kerklike vergaderinge word die opsig, die regering en tug van die kerk toe vertrou. Die plaaslike gemeente kon sedert 1953 haar eie sake afhandel, maar het beperkte tugreg oor sendelinge beskik. Die Sendingkerke moes hul egter onderwerp aan die beslissings van die BBSK. Die beslissing van die Sinode van die NGK met betrekking tot verskille betreffende kerkbestuur, tug en leer was finaal (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:26). Beperkte outonomie was aan die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke gegee.

Alle ongesensureerde lidmate van die Sendingkerke kon sedert 1953 besware teen die leer en lewe van sendelinge by die bevoegde kerkbesture of kerklike ampsdraers van die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika in dien. Wanneer 'n klagte of kennisgewing van nadelige gerugte teen die leer en lewe van 'n sendeling by die Ringsvoorsitter en/of scriba van die Ring van die NGK ingedien was, het die voorsitter en/of scriba dit skriftelik in die hand van die Ringskommissie van die NGK gestel om die saak te ondersoek (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:66). Sendelinge wat arbei in verband met die buitelandse sending het onder die toesig van die Algemene Sendingkommissie gestaan, terwyl die wat in die binnelandse sending

betrokke was, onder die toesig van die Binnelandse Naturelle-subkommissie gewerk het (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 66). Die verhoor het voor die Ring van die NGK plaasgevind en die Ring het uitspraak gedoen ooreenkomstig die wette van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 68). Omtrent sendelinge was die volgende bestraffingsmaatreëls van toepassing (art 279.3):

> Bestraffing, na eis ingerig is, deur die voorsitter, namens die Ring, of in, of buite die vergadering. Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd met of sonder gebruik van die Bondseëls. Skorsing in die diens vir 'n onbepaalde tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls. Gehele intrekking van die Akte van Toelating tot die predikdiens en die bediening van die Bondseëls .
> (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 70).

Die sendelinge het onder die toesig en tug van die NGK geresorteer, terwyl swart leraars, kerkraadslede en evangeliste onder die toesig en tug van die Sendingkerke geressorteer het (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:art 14). Dit staan teenoor die Doleansiekerkreg wat bepaal dat dit die taak van die Kerkraad is om te waak oor die leer en lewe van die ampsdraers. Die tuguitoefening moes volgens DKO geskied deur die ouderlinge met die medewete en medewerking van die gemeente. Hierdie Gereformeerde kerkregbeginsel van die tuguitoefening deur Kerkrade van die sendingkerke was nie deur die NGK erken nie. Volgens Bouwman word die kerklike tug immers opgedra aan die Kerkraad van die plaaslike gemeente (1934:203). Die Gereformeerde Kerk wil volgens Bouwman niks weet van kerklike tug buite die lewe van die plaaslike gemeente nie (1934:205). Waar die ampte ingestel is, vind die tuguitoefening volgens Bouwman onder leiding van die Kerkraad plaas (1934:206). Die gemeente het volgens die Doleansiekerkreg aan die Kerkraad bestuursmag en bevoegdheid verleen om ampsdraers onder sensuur te plaas indien nodig. Die afsetting van sendelinge behoort dus deur die Kerkraad te geskied. Die NGK se eiemagtige optrede met betrekking tot die tug van sendelinge is tekenend van 'n hiërargiese kerkregeringstelsel. Die Sendingkerke was verplig om aan die

NGK kennis te gee indien 'n sendeling die Kerk verlaat. Die meerdere vergadering van die sendingkerke kon nie die sensuur uitspreek oor sendelinge nie en moes die formele uitvoering van die tug oorlaat aan die NGK. Sendelinge was onder die toesig en tug van die NGK. Daarteenoor het die swart leraars en ander ampsdraers onder die toesig van die Ned Geref Bantoekerk geresorteer (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die NGK ken aan die Binnelandse Sendingkommissie ook het reg toe om self besluite uit te voer en die tugvonnis op sendelinge in die plaaslike gemeente te voltrek. Die NGK het bindende advies gegee met betrekking tot die sensuur, skorsing, afsetting van sendelinge. Die besluite van die NGK kon uitgevoer sonder medewerking van die plaaslike gemeente. Die besluite van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie insake die tug van sendelinge het 'n formele karakter gehad. Die uitvoering daarvan het nie die plaaslike gemeente toegekom nie. Dit is volgens die Doleansiekerkreg beginsels 'n onhoudbare kerkregtelike benadering. Die *Grondwet* veronderstel enersyds ongelykheid in ampsdraers en sendelinge onderling en tussen die Sendingkerke en die NGK se sinodale sendingkommissie andersyds. Die selfstandigheid van die Sendingkerke was deur die NGK erken, maar hul kon nie selfstandig die tugsake van sendelinge hanteer nie. Die NGK se kommissie het hoër gesag teenoor die Sendingkerke gehad.

Die Ned Geref Bantoekerk oefen sy regering en tug uit deur Kerkrade, Ringe en Sinode, maar was beperk daarin dat ingeval van verskille betref die leer, kerkregering of tug die oordeel onderwerp moes word aan die oordeel en uitspraak van die Algemene Sendingkommissie van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:art 4). Die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke het nie die bevoegdheid gehad om die tug oor sendelinge sonder medewerking van die NGK te voltrek nie. In geval

van verskille of verdeeldheid wat betref die bestuur, tug of leer van die Sendingkerke het die Algemene Sendingkommissie van die NGK uitspraak voorbehou. In geval van beswaar teen die beslissing van die Algemene Sendingkommissie kon die Sinode van die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika na die Sinode van die NGK appelleer (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:184-185). Die mag van die meerdere vergadering van die Sendingkerke was beperk teenoor die Binnelandse Naturelle-subkommissie wat volle tugmag besit het. Die meerdere vergadering van die Sendingkerke kon gebruik maak van alle tugmiddele: vermaning, berisping, afhouding van die Heilig Avondmaal, afsetting, skorsing uitsluitende tuguitoefening op sendelinge. In geval van tugwaardige optrede van sendelinge het die Binnelandse Naturelle-subkommissie die tugoefening voltrek en in naam van die meerdere vergadering van die Sendingkerke in die plaaslike gemeente die sensuur toegepas. 'n Sendeling kon alleenlik deur die Binnelandse Naturelle-subkommissie afgesit word. Die artikel in die Grondwet het 'n voorskriftelike karakter asook 'n beperkende karakter ten aansien van die Sendingkerke.

**5.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge**

Die sendingkerke het geen kerkordelike bepalinge in die *Grondwet* gehad met betrekking tot die reg tot appèl gehad nie. Verskille met betrekking tot bestuur van die kerk, tug of leer was onderworpe wees aan die oordeel en uitspraak van die Algemene Sendingkommissie van die NGK. Ingeval van beswaar teen die uitspraak van die Algemene Sendingkommissie kon die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika appelleer na die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:184-185). Die Sinode van die NGK was as die hoogste appèlliggaam beskou:

> Tot tyd en wyl die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika tot selfbestuur,

> selfonderhoud en selfuitbreiding gekom het, sal die aanstelling, verplasing, bevestiging en demissie van sendelinge altyd uitgaan van die Binnelandse Naturelle-subkommissie, wat aan die betrokke ringskommissies van die Moederkerk opdrag sal gee om namens die Binnelandse Naturelle-subkommissie te handel.
> (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:188)

Volgens artikel 31 DKO is besluite van die meerdere vergadering slegs bindende krag in soverre dit met die Woord van God, die belydenisskrifte en die Kerkorde ooreenstem. Wanneer 'n besluit van 'n kerkvergadering strydig is met die Skrif, Belydenis of kerkorde is die besluit van sodanige vergadering nie vas en bondig nie en kan die beswaardes in hoër beroep gaan (artikel 31 DKO). 'n Soortgelyke bepaling het egter in die *Grondwet* van die Sendingkerke ontbreek. Die besluite van die vergadering van die Sendingkerke was nie met voorbehoud van art 31 van die DKO as bindend beskou nie.

Die NGK se Ringe wie se gemeentes betrokke in die Ringe van die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika sou elk een lid met stemreg kon stuur om sitting te hê op die Ringsvergaderings van die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:184). Die lede van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie van die NGK het volle sitting en stemreg gehad op die Sinode asook die sinodale kommissie gehad van die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:188). Die Sendingkommissie van die NGK het dwingende mag beskik terwyl aan die meerdere vergadering van die bogenoemde Sendingkerke slegs beperkte wetgewende mag verleen is.

Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie het kassasiereg gehad dit wil sê: die bevoegdheid om die besluite van die mindere vergadering te vernietig. Die besluite of beslissings (uitsprake van die Sinode met betrekking tot sake wat deur mindere

kerkbesture behandel is, en in geval van appèl tot die Sinode gebring is, is finaal (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:26). Die NGK het tot 1953 as die hoogste wetgewende liggaam van die NGKA fungeer. Alle sinodale besluite van die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika moes deur die NGK bekragtig word. Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie het as 'n hoër bestuur bo die Sinode, Ring, Kerkraad van die bogenoemde sendingkerke gefungeer. Die daarenteen Doleansiekerkreg gaan van die voorveronderstelling uit dat die meerdere vergadering wel meerdere mag het, maar geen hoër mag nie. Die Doleansiekerkregbeginsel met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk is deur die toekenning van kassasiereg aan die Binnelandse Naturelle sub-kommissie misken.

In art 20 van die W*ette en Verordinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in OVS* (1951) word dit aangedui dat al die besluite met regsimplikasies van die Sinode van die NGSK OVS sal alvorens dit regskrag het deurgestuur word aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie van die NGK OVS vir oorweging en deursending na die Kommissie van Hersiening van die NGK OVS vir aanbeveling by die Sinode van die OVS (1951:12). Alle wysigings, besluite en Wetsbepalinge van die NGK OVS was egter onmiddellik van krag in die NGsendingkerk in OVS (1951:12). Die Sendingkerke in Suid-Afrika kon slegs wette in ooreenstemming met die *Grondwet* maak. Die Sendingkerke kon wette en bepalinge maak, wysig en vernietig, maar sodanige wette en bepalinge moes egter in lyn met die *Grondwet* gemaak word en moes binne dertig dae nadat die besluit geval het deur die lede van die Binnelandse Naturelle-subkommissie gereserveer word vir beslissing deur die Algemene Sendingkommissie. Indien die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika beswaard voel oor die beslissing van die Algemene Sendingkommissie kon hulle na

die Sinode van die NGK appelleer wie se uitspraak oor die saak finaal sou wees (*Bepalinge en Reglemente NGK* 1957:art 9 asook *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187 en 191). Die uitsluitlike reg om die *Grondwet* te wysig en/of nietig te laat verklaar het by die Algemene vergadering van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:191). Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie kon self tot die uitvoering van besluite in die sendingkerke oorgaan. Die vetoreg van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie kan op 'n Gereformeerde kerkregtelike terrein nie verantwoord word nie. Volgens die Gereformeerde Kerkreg is die gesag van die plaaslike gemeente primêr. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie het egter in die sendingkerke 'n bestuur bo die van die plaaslike gemeentes van genoemde sendingkerk gevorm. Die meerdere vergadering is volgens die Gereformeerde Kerkreg geen blywende of hoër mag as die van die plaaslike gemeente nie. Die kerkreg en kerkregeringstelsel van die Sendingkerke was hiërargies en kollegialisties. In hiërargiese en kollegiale kerkverbande is daar ruimte om die vonnis van 'n laer bestuur deur die uitspraak van 'n hoër bestuur nietig te laat verklaar. Die *Grondwet* het 'n prinsipiële onderskeid gemaak tussen die gesag van die Kerkraad en die Binnelandse Naturelle-subkommissie. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie het meer gesag gehad as die Kerkraad en het as 'n opperkerkraad of *senatus ecclesiasticus* gefungeer.

**5.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ingeval van wanbestuur**

Geen bepalings met betrekking tot die bevoegdheid van die meerdere vergadering ingeval van wanbestuur was in die *Konsep Grondwet* van die Sendingkerke geformuleer nie. Die NGK kon in die geval van wanbestuur of onmag self afgevaardigdes van die Binnelandse Naturelle-subkommissie na die plaaslike

gemeente van die sendingkerke stuur om die formele afkondiging insake die uitspraak in die kerkgebou van die plaaslike gemeente af te kondig. Volgens die *oud kerkrecht* word die mag van die Sinode beperk tot vonnisoplegging. Sinodes het gevolglik nie die reg tot die praktiese uitvoering/toepassing van die uitspraak nie. Volgens die Gereformeerde opvatting is die meerdere vergadering nie 'n hoër vergadering en het die meerdere vergadering nie hoër mag nie: "Hetzelve zeggen heeft de classis over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de classis, en de Generale Synode over de Particuliere" (DKO art 36). Die sinodale mag is volgens die *oud kerkrecht* geen hoër gesag in die sin dat een sinodelid as ampsdraer bo 'n ander ampsdraer staan nie. Die primordiale reg van die plaaslike gemeente behoort volgens die Doleansiekerkreg dus ten volle geëerbiedig te word.

**5.3. Die kerkorde 1963-2005**

Op 7 Mei 1963 te Kroonstad het die vereniging van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Oranje Vrystaat, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal, die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal na besluit van die afsonderlike Sinodes en met goedkeuring van die NGK, plaasgevind. Die verskillende sendingkerke het sedert 1963 gesamentlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA) gevorm (*Skema NGKA* 1967:289). As lede van die moderatuur is gekies ds C J J van Rensburg (moderator), dr M L Maile (assessor), ds A M Scheffler (scriba) en ds J du Plessis (actuarius) (*Acta NGKA* 1963:56). Op die Stigtingsinode is nadat die *Konsep Kerkorde* punt vir punt in behandeling gebring was, en gewysig, geamendeer was, besluit om volmag vir die finalisering van die Kerkorde by die onderskeie Streeksinodes te verkry (*Acta NGKA* 1963:83). Die vier kerke se

gemeentes, Ringe en Sinodes, laasgenoemde as Streeksinodes, het na kerkeenwording bly voortbestaan sonder die oordrag van bates. Op die Stigtingsinode is besluit dat die Streeksinodes volle seggenskap oor hulle eiendomme, finansies en werksaamhede wat hulle voor vereniging gehad, behou:

> Die Streeksinodes behou volle seggenskap oor hulle eiendomme, finansies en werksaamhede wat hulle voor vereniging gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens hierdie kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word of deur die Algemene Sinode in trust gehou word
>
> (*Acta NGKA* 1963:71)

Die *Grondwet* is op die Stigtingsinode opgehef en in die plek daarvan is 'n *Akte van Ooreenkoms* opgestel. Die vier kerke se gemeentes, Ringe, Sinodes (wat as Streeksinodes) het bly voortbestaan sonder oordra van bates na die NGKA. Die werk het gestaan onder jurisdiksie van die Algemene Sendingkommissie. Op die Stigtingsinode het die wysigings ten opsigte van elke artikel afsonderlik van die *Konsep Kerkorde* soos voorgestel deur die Streeksinodes het voor die Sinode tesame met die formulering soos deur die Permanente Regskommissie (=PRK) voorgestel, gedien. Die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) van die NGKA het aan die PRK opdrag gegee om die Kerkorde in finale vorm te giet vir voorlegging aan die ASK (*Skema NGKA* 1967:31). Die opdrag is nie uitgevoer nie aangesien die PRK geoordeel het dat dit nie nodig was om die Kerkorde te finaliseer nie. Die moderatuur van die NGKA het gedurende die reses die opdrag herhaal. Die Kerkorde is in 1967 op die tweede Algemene Sinode van die NGKA (1967) aanvaar. Die NGKA se Kerkorde toon 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die Kerkorde van die NGKA vorm die grondslag van die

regmatige kerklike handeling van die kerke onderling. In die Kerkorde word die Gereformeerde kerkreg nie alleen slegs bely nie, maar word ordereëlings getref om dit in die praktyk uit te voer. Besluite sou voortaan moes ooreenkom met die gesamentlike aanvaarde reëling van die kerkverband. In die Kerkorde is ondermeer bepaal dat die vaste eiendom van die Streeksinode elk in die onderskeie Streeksinodes geregistreer sou word. Daarvolgens was die Streeksinode asook elke Ring en Gemeente die wettige eienaar van hul fondse en roerende eiendom.

Op die Streeksinode van NGKA Phororo (1972) was 'n reglement vir kerklike goedere aanvaar. Die beheer oor sodanige fondse en roerende eiendom het by die Streeksinode, Ring of Kerkraad berus en kon ooreenkomstig die landswette beheer oor sodanige fondse en goedere uit oefen soos deur die koop en verkoop van roerende eiendom, die maak van skenkings die belegging van fondse en die aangaan van lenings, die huur en verhuur van eiendom en die optrede as eiser of gedaagde in regsgedinge (*Skema NGKA Streeksinode Phororo* 1972:43). Die gemeentes, Ringe en/of kerklike kommissies kon nie eiendom in hul naam registreer nie. Die Streeksinode of as hy nie in sitting was nie die Sinodale Kommissie kon egter genader word om as trustees namens sodanige kerklike instansie met die vaste eiendom te handel. Die registrasie van vaste eiendom het geskied volgens die landswette en vir solank die landswette dit vereis kon die sendelinge wat vaste eiendom in die "Bantoetuislande betref slegs adviserende stem op die Streeksinode en Sinodale Kommissie hê (*Skema NGKA Streeksinode Phororo* 1972:43).

### 5.3.1. Christus as hoof van die kerk

Die kerkorde van die NGKA dui aan dat Christus die Hoof van Sy kerk hy oefen Sy

koninklike mag op aarde deur Sy ampsdraers uit. Aan die ampsdraers het Hy opgedra die leer-, die regeer- en die tugmag van Sy kerk (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal* 1947:3). Die *jus constituendum*, vorm by die NGKA die grondreël, naamlik die absoluut gesag van die Heilige Skrif asook die afgeleide gesag van die belydenisskrifte word erken naamlik die Formuliere van Enigheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht In 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls asook die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese geloofsbelydenis, die belydenis van Nicea en die belydenis van Athanasius. As belydenisgrondslag aanvaar die NGKA die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Kerkorde, en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius (*Skema NGKA* 1967:289 asook *Skema NGKA* 1971:348).

By die uitoefening van sy roeping mag geen ampsdraer oor 'n ander ampsdraer heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy Kerk is (*Skema NGKA* 1971:348). Die NGKA is die verband van alle plaaslike gemeentes wat bogenoemde belydenis en hierdie kerkorde aanvaar en deur die kerkverband en gemeentes erken word (*Skema NGKA* 1971:348, art 2). Sinodes van ander kerke kan op grond van die gemeenskaplike geloof in Christus en die aanvaarding van bogenoemde belydenis en hierdie Kerkorde, na goedkeuring van die Algemene Sinode in hierdie kerkverband opgeneem word (*Skema NGKA* 1971:348). Met betrekking tot die verhouding tussen die NGK en die NGKA word dit in artikel

37 van die *Kerkorde* aangedui dat ooreenkomste met die NGK nie met die Kerkorde mag bots nie (*Skema NGKA* 1971:353).

Die Federale Raad van NG Kerke[8] het op hul vierde vergadering gehou op 21 tot 25 April 1970 aanbeveel dat geen veranderinge in die belydenisskrifte sonder onderlinge raadpleging tussen die lidkerke mag plaas vind nie (*Skema NGKA* 1971:34). Die Sinode van die NGKA (1971) het die aanbeveling van die Federale Raad van NG Kerke goedgekeur en het gevolglik in art 36.1 bepaal dat die wysiging van die belydenis van die kerk alleen kon geskied met tweederdemeerderheid en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is (*Skema NGKA* artikel 36 (a) 1971:353). Daardeur het die NGKA die verandering van die belydenisgrondslag verskans.

### 3.3.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die Kerkraad word in die kerkorde van die NGKA aangedui as die bestuursorgaan van die plaaslike gemeente. Die Kerkraad verteenwoordig gevolglik die plaaslike gemeente en neem besluite namens die plaaslike gemeente. In art 78 van die *Kerkorde van die NGKA* word die selfstandigheid van die Kerkraad erken deurdat aan meerdere vergaderinge beperkinge op gelê word ten einde hul te verhinder om hul met sake wat van 'n plaaslike aard is te vermoei: "Die kerklike vergaderinge bepaal hulle werksaamhede binne die grense van hulle bevoegdheid, sodat hulle niks

[8] Die Federale Raad het bestaan uit nege Ned Gerf Kerke naamlik die NGK, NGSK, RCA, NGKA, KMAP Sinode van die van Nkomo, Geref. Kerk van Zambia (NGKerk), Bantoe Geref Kerk in Rhodesië (NG Kerk), Ned Geref Kerk in SWA, KMAP Sinode van Salisbury (*Skema NGKA* 1971:195)

behandel wat uitsluitlik tot die bevoegdheid van 'n ander kerkvergadering behoort nie" (*Kerkorde NGKA* 1971:art 78).

**5.3.2. Die karakter van die kerkverband**

In ooreenstemming met DKO art 29 word sedert 1963 vier kerklike vergaderinge te wete Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode in die NGKA onderskei (*Skema NGKA* 1967:291 art 13). Van die vier vergaderinge te wete Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode dui die NGKA aan dat die Kerkraad die fundamentele en selfstandige is, maar vir onderlinge hulpverlening en versterking van kragte by moeilikhede insake suiwerheid van leer, ampsbediening, die inrigting van die erediens en die tuguitoefening saam met ander gemeentes in een kerkverband saamgevoeg word (*Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord en Suid Transvaal* 1964:1) In die Kerkorde word dit aangetoon dat die NGKA die verband van alle plaaslike gemeentes is wat die belydenis en die *Kerkorde* aanvaar (*NGKA Kerkorde* 1971:348). Art 2 (c) van die Kerkorde toon aan dat Sinodes van ander kerke op grond van die gemeenskaplike geloof in Christus en die aanvaarding van die belydenis en die *Kerkorde* na goedkeuring van die Algemene Sinode in die kerkverband opgeneem kan word (*Skema NGKA* 1971:348). Die ASK van die NGKA het die aanbeveling van die Federale Raad van die NG kerke aanvaar dat geen verandering in die belydenisgrondslag sonder raadpleging van die lidkerke mag plaasvind nie (*Acta NGKA* 1971:34).

Alhoewel die afsonderlike gemeentes elk selfstandig is, staan hulle op grond van die eenheid in Christus in kerkverband. Hierdie kerkverband eis dat die gemeentes die geloofsband sal onderhou en oor mekaar toesig sal hou (*Skema NGKA* 1967:146).

Die onderskeie Sinodes het vrywillig lid van die kerkverband geword en kon ook daar uit tree. Die Algemene Sinode van die NGKA word saamgestel uit 'n Bedienaar van die Woord en een ouderling uit elke Ring. Elke Streeksinode kan ses bykomende verteenwoordigers na die Algemene Sinode afvaardig (*Acta NGKA* 1967:30). Die kerkorde het bepaal dat die Sendingsekretarisse van die NGK na die Algemene Sinode van die NGKA genooi kon word met adviserende stem (*Acta NGKA* 1967:32-33). Ook aan die verteenwoordigers van die NGSK en die RCA vlak was adviserende stem verleen. (art. 32 (b) 1971:352).

Bo en behalwe die feit dat alle leraars van die gemeentes binne die Ringsressort asook en ouderling of evangelis per gemeente wat per geloofsbrief verskyn, kon lede van die NGK in adviserende hoedanigheid deel vorm van die Ringspersoneel (artikel 24(ii): in *NGKA Skema* 1971 350). Geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moes deur die Scriba van elke Streeksinode ingehandig word (*Acta NGKA* 1967:11). Sitting in adviserende hoedanigheid was ook aan verteenwoordigers van die NGK wie se gebied ten volle saamval of ten dele saamval met die Streeksinode verleen (art 26 (b) in *Skema NGKA* 1971:351).

Art 30 van die NGKA se Kerkorde bepaal dat die Streeksinodes volle seggenskap oor sy eiendomme, finansies en werksaamhede behou wat hy "voor vereniging gehad het of daarna verwerf behalwe die wat volgens hierdie kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word of deur die Algemene Sinode in trust gehou word (art 28 in *Skema NGKA* 1967:293). Dit het die samestellende Sinodes vry gestaan om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ens uit die verband te tree

wanneer hulle so 'n stap voor God kan regverdig in lig van Sy Woord (*NGKA Skema* 1967:77).

Tot die taak en bevoegdheid van die Streeksinode het behoort die administrasie van en beskikking oor eie fondse en eiendomme (*NGKA Skema* 1971:351). Hiermee het die Streeksinodes van die NGKA die magte verkry om eiendom aan te koop en te vervreem. Die moderatuur het op die Sinode van die NGKA (1971) kennis gegee dat hul gedurende die reses samesprekings met adj.min. B Coetzee en later met min MC Botha gevoer het met betrekking tot die erkenning van die NGKA se reg om eiendom te besit. Volgens staatsbeleid kon eiendomme in die sogenaamde Bantoegebiede nie onder titelakte aan liggame wat nie as "suiwer Bantoe" beskou kon word, oorgedra word nie (*Acta NGKA* 1971:34). Sendinggenootskappe kon wel 'n voortdurende reg tot okkupasie verkry. Die kern probleem was blykbaar dat sendelinge as medeondertekenaars van regsdokumente van eiendomsdokumente in stryd was met die Suid-Afrikaanse wetgewing. Ook die stemreg van sendelinge oor eiendomstransaksies was in stryd met die bestaande wetgewing (*Acta NGKA* 1971:61-62).

**5.3.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Die meerdere vergadering van die NGKA het deur middel van visitatore toesig in die mindere vergaderings uitgeoefen. Die visitatore het geen uitvoerende magte gehad nie. Die taak van die dilatore was om ondersoek te doen met verslaggewing aan die Ring. Laasgenoemde het die bevoegdheid gehad om beslissings te kan neem (*Skema NGKA* 1967:147). Art 78 van die NGKA se *Kerkorde* het sy oorsprong in art 30 van die DKO: "In meerdere vergaderinge zal men niet handelen, dan het geen

dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerdere vergadering in het algemeen hoort" (art 30 DKO).

**5.3.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers**

In die *Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord en Suid Transvaal* (1964:1) word dit aangedui dat Here Jesus Christus die Hoof en die Koning van die kerk en dat Hy die leer-, regeer- en tugmag in die kerk aan Sy ampsdraers toevertrou. Christus oefen sy mag uit deur middel van ampsdraers naamlik leraar, ouderlinge en diakens (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:1). Met betrekking tot die tugreg is die ampsdraers geroep om opsig te hou oor die leer en lewenswandel van die lidmate van die kerk en waar nodig tug uit te oefen. Tot en met die jaar 1982 kon die NGKA nie die tugreg op sendelinge toepas nie. In die *Kerkorde en bepalinge NGKA Streeksinode Kaapland* 1968 word in art 63 (b) aangedui dat die sendelinge deur die NGK beroep, bevestig en gedemitteer word (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:20). Die Kerkorde het bepaal dat hierdie taak deur die Binnelandse Bantoe-subkommissie en indien nodig in oorleg met die Kerkrade of Sendingkommissies wat daarby betrokke is verrig behoort te word.

'n Skakelkommissie was verantwoordelik vir die plasing en verplasing van sendelinge en moes altyd gedoen word in oorleg met die plaaslike NGKA-gemeente en Ring. Die NGK was deur sy plaaslike gemeentes of Algemene Sendingkommissie verantwoordelik vir die salarisse, toelaes en huisvesting van werkkragte deur hom voorsien en/of ooreengekom. Die sendeling was volgens bep 64(a) lidmaat van die NGK en het onder die toesig van die NGK gestaan. Die sendeling was dus gesant van die NGK en sy posisie binne die NGKA was tydelik en helpend van aard. Die

sendeling het sittingsreg met stemreg op die Kerkraad, Ring, Sinode van die NGKA gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:20). Die Sinode van die NGKA (1971) het besluit dat vir toelating tot die bediening van die Woord sendelinge lidmaatskap van die besondere NGKA gemeente moes opneem (*Acta NGKA* 1971:349). Aangesien lidmaatskap en legitimasie onlosmaaklik verbind is, het die Streeksinodes van Noord Transvaal en Suid Transvaal van die NGKA bepaal dat gelegitimeerdes van die NGSK en die NGK lidmate van genoemde kerke kon word, maar dat hul op grond van hul beroeping en bevestiging in die NGKA leer- en regeermagte in die NGKA het (*Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord Transvaal en Suid Transvaal* 1972:2, bep 8).

Op die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA (1975) is die Konsepbeleid van die Lidkerke van die Federale Raad van NG Kerke met betrekking tot Gesamentlike Sendingwerk bespreek (*Skema NGKA* 1975:150). Met betrekking tot die posisie van sendelinge het die NGK Sinode in Oktober 1974 sekere veranderinge rakende die posisie van die sendelinge in sy Algemene Sendingreglement aangebring. Die veranderinge het onder andere behels dat die NGK bedienaars van die Woord vir die sendingkerke beskikbaar stel wat volgens die normale prosedures van die onderskeie sendingkerke beroep en bevestig kon word. Waar daar nie ’n sendingkerk is nie kon die NGK ’n sendeling beroep en bevestig. Die NGK kon ook ’n ooreenkoms met ’n gemeente van die sendingkerke aangaan om ’n sendeling te beroep en beskikbaar te stel vir diens in die sendingkerke. Die bedienaars van die Woord wat deur die NGK beskikbaar gestel was, het onder die tug en opsig van sowel die NGK en die sendingkerk gestaan. Die Sinode van die NGKA (1975) het besluit dat aangesien die NGKA ’n volledige selfstandige kerk van

Christus is , behoort die NGKA die tug ten opsigte van sendelinge uit te kan uitoefen:

> Hy moet onafhanklik onder Christus werk. Hy moet in Christus se naam alle predikante in die kerk kan aanstel. Hy moet in Christus se naam tug oor alle leraars en werkers kan uitoefen. Daar kan gevolglik nie sendelinge meer wees nie, net predikante omdat die NGKA nie ondergeskik aan die NGK is nie. Christus regeer direk in die NGKA en daarom staan alle leraars onder hierdie kerk se toesig en nie onder die NGK se toesig nie. As leraars in die NGKA werk moet hul net daar lidmate wees en nie ook in die NGK nie.
> (*Acta NGKA 1975*:256)

Op die derde gewone vergadering van die Streeksinode Phororo van die NGKA (1976) te Mafeking is die wysigings van die *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die NGKA Phororo aanvaar. Op die Sinode is besluit dat deur sy bevestiging en/of indiensstelling in 'n gemeente van die Streeksinode Phororo van die NGKA word die gelegitimeerde van die NGK ook lidmaat van die betrokke gemeente van die Streeksinode Phororo van die NGKA. Nadat sy dienste in die NGKA beëindig is, word hy slegs lidmaat van die NGK waar hy hom vestig (*Skema NGKA Phororo* 1976:9). Gelegitimeerdes uit die NGK in diens van die Streeksinode Phororo van die NGKA het onder die opsig en tug van sowel die NGK en die Streeksinode Phororo van die NGKA gestaan (*Skema NGKA Phororo* 1976:10). Die Ring van die Streeksinode Phororo van die NGKA sou voortaan kennis van alle klagtes teen 'n beklaagde neem, die saak in behandeling neem, uitspraak lewer en het na skuldigbevinding die toepaslike bestraffing oplê, met dien verstande dat as die bestraffing te neer kom op bandlosmaking word die betrokke sendeling se lidmaatskap in die Streeksinode Phororo van die NGKA beëindig word. Alle stukke wat op die saak betrekking was, moes vir behandeling na die NGK deurgestuur word. Die betrokkene sou dan verder onder die jurisdiksie van die betrokke NGK Ring waar sy arbeidsveld was, val (*Skema NGKA Phororo* 1976:10).

Slegs die NGK kon die Akte van Toelating van 'n sendeling ingetrek (*Skema NGKA Phororo* 1976:10).

Die finale stadium van tug het dus by die "Moederkerk" berus (*Skema NGKA* 1975:150). Sendelinge was beskou as " geleendes van die Moederkerk" en het in die laaste instansie lidmate van die NGK gebly Bedienaars van die Woord van die NGK kon deur die NGK beroep word met dien verstande dat hulle as "*geleendes* van die Moederkerk" hulle lidmaatskap in die NGK behou (*Skema NGKA* 1967:95 artikel 25 (a)). In 1971 is die uitdrukking "geleendes van die Moederkerk" in die Sendingreglement (art 25(a) vervang met "gelegitimeerdes van die Moederkerk" (*Skema NGKA* 1971:319). Sendelinge moes hul lidmaatskapbewyse indien by die plaaslike gemeentes van die NGK waaronder hul sou ressorteer en hul lidmaatsvoorregte daar uitoefen (*Skema NGKA* artikel 27(a) 1967:96). Die NGK het die regsprekende mag met betrekking tot die tuguitoefening oor sendelinge behou. Volgens artikel 26 van die *Sendingreglement* staan sendelinge onder die toesig en tug van die NGK:

> Die dogterkerk waarin 'n sendeling arbei, besit die onvervreembare reg om 'n klag of gerug van 'n sendeling te ondersoek en daaroor te besluit. Hoogstens kan 'n sendingkerk verklaar dat op grond van die leer en lewe van 'n betrokke sendeling nie meer geskik is vir diens in die dogterkerk nie. Hierna gaan die sendeling terug na die kerk waarvan hy lidmaat en gelegitimeerde is, wat finaal oor hom sal besluit. Hierdie stelling word met sekere voorbehoude gemaak. 'n Dogterkerk kon bv. nooit 'n sendeling sy status ontneem nie – want hy het dit nie aan hom toegeken nie.
> (*Skema NGKA* 1971:320)

Voorlopige tughandeling sou deur die NGKA uitgeoefen word, maar die NGK sou die finale uitspraak lewer en uiteindelike tuguitoefening doen (*Skema NGKA* 1971:320 asook artikel 55(d) 1971:355). Finale tughandeling en beslissings oor verlies of behoud van status van 'n sendeling was deur die NGK geneem. Die *Kerkorde* van die NGKA 1917 het soos volg bepaal: "Artikel 5(c) By die uitoefening

van sy roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy Kerk is" (*NGKA Skema* 1971:348).

Voor die Sinode van die NGK (1974) het die sendelinge slegs onder die "opsig" van die sendingkerke gestaan. Sedert 1974 het sendelinge onder die tug en opsig van beide kerke gestaan (*Acta NGKA* 1975:151). Omdat die sendeling 'n gelegitimeerde van die NGK was het die NGK bepaal dat die finale stadium van sy tug by die NGK berus dit wil sê die intrekking van sy legitimasie en sy skorsing. Die Algemene Sinode van die NGKA (1979) het ooreenstemmende besluite met betrekking tot die posisie van die sendelinge geneem: " Wanneer die toepassing van tug die vorm neem van skorsing uit die diens of wanneer die band tussen die leraar en gemeente losgemaak word, word sy lidmaatskap in die NGKA beëindig en die stukke deurgestuur na die betrokke Ring van die NGK vir kennisname en verdere optrede" (*Acta Algemene Sinode NGKA 1979*:267).

Die Sinode van die NGK het tot 1982 die reg besit om sendelinge in diens van die NGKA te skors en/of af te sit. Volgens art 20 van die *Kerkorde* van die NGKA (1991) word die opsig en tug oor die gemeente en die regering van die gemeente aan die Kerkraad toe vertrou. Artikel 18, 20, 23, 25, 32 en 34 van die *Kerkorde* bepaal dat die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk aan die Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode toevertrou word. Die NGK het die NGKA se mag beperk ten opsigte van die tug, skorsing, afsetting van sendelinge. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie was beklee met sinodale tugmag. Sendelinge kon deur die kommissie geskors word of uit die amp ontset word op grond van onsuiwerheid in

leer en wandel. Die tug van sendelinge was nie as 'n suiwer lokale aangeleentheid beskou nie. Die NGKA het wetgewende mag en administratiewe mag asook regsprekende mag ten opsigte van hul lidmate en ampsdraers uitsluitende die sendelinge gehad. Die NGK het die bevoegdheid gehad om besluite met betrekking tot die interne partikulêre aangeleentheid by name tugtoepassing van sendelinge te neem. Die besluite van die NGK met betrekking tot die tug van sendelinge was finaal. Die NGK het sendelinge benoem, aanstel, verplaas, besoldig en het hulself gevolglik die tugreg oor sendelinge toegeëien.

**5.3.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge**

Die NGKA beklemtoon in die Kerkorde dat die positiewe Goddelike reg van die meerdere vergaderinge naamlik Ringe, Streeksinodes en Algemene Sinodes gehandhaaf moet word asook dat die outoritatiewe bindende karakter van besluite nie alleen berus op gehoorsaamheid aan Gods Woord nie, maar ook op trou aan die vrywillige aanvaarding van die kerkverband (*Kerkorde en aanvullende bepalinge NGKA Streeksinodes van Noord en Suid Transvaal* 1964:1). Ampsdraers en lidmate is gevolglik verplig om dit te onderhou tensy dit in die meerdere vergadering bewys kan word dat sodanige besluite teen die Woord van God stry (*Kerkorde en aanvullende bepalinge NGKA Streeksinodes van Noord en Suid Transvaal* 1964:1). Met verwysing na Hand 15:28-29 word dit in die Kerkorde aangetoon daar uit die Skrif geleer word dat 'n breë kerklike vergadering (Ring Sinode) geoorloof is en bindende besluite dus deur die Sinode geneem kan word wat vir die hele kerk geldend is (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:1).

Op voetspoor van artikel 31 van die DKO word in die *Kerkorde* voorsiening gemaak

vir die reg tot appèl: Elke beklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerklike vergadering beswaard voel het die reg tot hoër beroep op die volgende meerdere vergadering, te wete die Ring en Steeksinode (artikel 56(a) *NGKA Skema* 1967:297). In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer sowel as die beklaagde in 'n vryspraak of skuldigbevinding, die reg tot hoër beroep tot by die Algemene Sinode (artikel 56 (b) in *Skema NGKA* 1967:297). Die NGKA kon egter nie appelleer teen die uitspraak van die Binnelandse Naturelle-subkommissie nie.

### 5.4. Die kerkregtelike stryd om kerkeenwording 1966-2008[9]

Die NGSK het reeds in 1966 besluit om die ontwikkeling van die Federale Raad in 'n volledige Sinode met jurisdiksie oor die leer en liturgie by die eersvolgende vergadering van die Federale Raad aan te beveel (*Acta NGSK* 1966:289). Die besluit het gelei tot onderhandelinge met die NGK wat uiteindelik lei tot die samestelling van 'n ad hoc komitee, bestaande uit die drie verteenwoordigers van die vier kerke, te wete NGSK, NGKA, NGK, RCA. Die Ad hoc-Komitee het in Pretoria op die 26 Oktober 1966 vergader. Die vergadering kan beskou word as die eerste Gesamentlike Gesprekskommissie (GKK) met betrekking tot kerkeenwording. Die ad hoc komitee, het 'n voorstel vir die vervanging van die Federale Raad met 'n Algemene Sinode voorgelê (*Skema NGSK* 1978:54-:56). Die besluit met betrekking tot kerkeenheid was op die NGSK Sinodes van 1970 en 1974 herhaal (*Acta NGSK* 1970:307 en *Acta NGSK* 1974:382). Die Algemene Sinode van die NGKA (1974) het besluit om hul te beywer vir kerkeenwording met die ander drie lede van die NGK familie naamlik die NGK, RCA en die NGSK: "Die Algemene Sinode begeer om te verenig in een kerk met die Reformed Church in Africa, die NGSK en die NGK en gee opdrag aan

[9] In die afdeling word verwys na die kerkregtelike bydraes van die NGKA, NGSK, en die VGKSA aangesien die vier kerke se besluite oor kerkeenwording mekaar wedersyds beïnvloed het.

die Algemene Sinodale Kommissie om hul te kontak" (*Skema NGKA* 1974:253). Die Sinode van die NGKA (1974) het die besluit van die Federale Raad met betrekking tot samewerking op plaaslike vlak na hul onderskeie Streeksinodes verwys. Die Federale Raad het op hul vergadering in 1974 kennis gegee dat 'n groot deel van die spanning tussen die NGK en sendingkerke te wyte daaraan is aan die gebrek aan samewerking op Rings- en gemeentevlak. Die Federale Raad het gevolglik aanbeveel dat die Sinodes van lede kerke pogings sal aanwend om permanente samewerkingstrukture waarin beide die NGK en die sendingkerke verteenwoordig was op Rings- en Gemeente vlak te skep en/of die wat reeds bestaan beter te gebruik. Die Algemene Sinode het gevolglik die hele kerk opgeroep om die band met die NGK-Familie te versterk (*Acta NGKA* 1974: 292-293). Die Algemene Sinode het die begeerte uitgespreek in 1975 om met die Indian Reformed Church, die NGK en die NGSK tot een kerk te verenig en het dit aan die ASK opgedra om met die oog daarop met genoemde kerke in verbinding te tree (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1975:253). Na 'n lang diskussie op 23 Maart 1978 op die Federale Raadsvergadering het 'n tweederdemeerderheid ten gunste van strukturele eenheid in die NGK-familie gestem.

Op die Algemene Sinode van die NGKA (1987) is 'n hele reeks besluite met betrekking tot kerkeenheid geneem. Die Sinode spreek onder andere die wens uit dat dit sal lei tot een Algemene Sinode waarin al die lidkerke verenig is, een Ring wat oor die plaaslike gemeentes toesig hou en een gemeente waarin lidmate op elke plek aan mekaar verbind is om God te dien (*Acta NGKA* 1987:379). Die Sinode het opdrag aan die moderatuur gegee om indringende samesprekings te voer oor die eenheid van die kerk en het dit betreur dat sy besluit oor die kerkeenheid binne die NGK-familie

van 1983 nog geen konkrete resultate gelewer het nie (*Acta NGKA* 1987:388). Die Sinode het besluit om hom daarvoor te beywer dat die eenheid met Christus en met mekaar tot uitdrukking sal kom deur die samesnoering in een kerkverband:

> Die sinode betreur dit dat sy besluit oor kerkeenheid binne die NG kerkfamilie ... nog geen konkrete resultate gelewer het nie, en dra dit aan die moderatuur en die ASK op om met groot dringendheid voort te gaan om hierdie besluite tot uitvoering te bring, aangesien enige teken daarvan dat die NGKA 'n "apartheidskerk" sou wees, dodelik gevaarlik vir die lewe van ons jeug, liggaamlik en geestelik, is.
>
> (*Acta NGKA* 1987:388)

Die Sinode het die *Belydenis van Belhar* van die NGSK na 'n Studiekommissie verwys om ondersoek in te stel na die wenslikheid van die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* deur die NGKA en in watter mate die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* die eenwording van die familie van die NGK kan bevorder of vertraag (*Acta NGKA* 1987:413-414).[10]

By die Verenigingberaad van Maart 1989 het die hele NGK-afvaardiging soos volg plegtig verklaar: *"Ons belowe plegtig om daarvoor te werk om een verenigde, nie-rassige Gereformeerde kerk in Suidelike- en Sentraal Afrika te word."* (*Acta VGKSA* 1994:291). Gedurende Oktober 1989 het die NGSK en die NGKA 'n Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) met die oog op kerkeenwording gestig moderature en 'n gelyk tal adviseurs van beide die NGSK[11] en die NGKA[12] wat sake wat met die vereniging van die twee kerke voorberei het. Die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GKK) het om die beurt te Belhar en Johannesburg vergader. Aandag was onder andere deur die GGK gegee aan die voorbereiding van 'n Konsep Kerkorde (*Skema VGKSA* 1994:19). Uit die beraadslaging is 'n verslag met aanbevelings opgestel wat

---

[10] Lees Hoofstuk 3.4.5 met betrekking tot die *Belydenis van Belhar*.
[11] Moderatuur: drr A A Boesak, A J Botha, di IJ Mentor, N A Appoliss en adviseurs: proff P J Robinson, J C Adonis, J Durandt, D Smit en ds J Mettler (*Skema NGSK* 1994: 6).
[12] Moderatuur: di SPE Buti, MM Maphoto, drr NJ Smith en MS Pitikoe en adviseurs : drr T A Mofokeng, L W Mazamisa, E M Tema, C F B Naude en di L K C Manusela en S O Skeen (*Acta NGKA* 1994:6).

op 11 September wat aan die gemeentes van beide die NGKA en NGSK gestuur was om Kerkrade die geleentheid te bied om inspraak in die voorgestelde proses van eenwording te kon hê (*Skema VGKSA* 1994:8). Die Kerkrade is versoek om die verslag te bestudeer en om teen 31 Januarie 1990 op die aanbevelings te reageer. Die sperdatum was tot 28 Februarie 1990 verleng. Waarna die GKK aanvaar het dat Kerkrade wat nie reageer nie, geen besware teen die voorgestelde eenwording het nie (*Skema NGKA* 1990:221). Sodoende is gepoog om aan die Kerkrade die volle geleentheid te bied om inspraak te hê in die voorgestelde proses van eenwording. Die GGK (*Skema NGKA* 1990:233) maak melding in hul verslag en aanbevelings vir kerkeenheid dat "gereformeerde Skrifbeginsels" toegepas is, het by die opstel van die *Kerkorde,* maar toon nêrens in die dokument hoe hul dit wel gedoen het nie.

Die Kommissie van Kerkorde van die GKK het van die voorveronderstelling uitgegaan dat die nuwe kerkorde slegs breë riglyne in eenvoudige nie-vakkundige taal formuleer omdat die bestaande Kerkorde na die mening van die Kommissie te veel gedetailleerd was. Die plaaslike gemeente sou 'n belangrike uitgangspunt van die Kerkorde wees, die beginsels van 'n breë verband (Streeks- en Algemene Sinode) was as primêre uitgangspunt aanvaar (*Skema Buitengewone Sinode van die NGKA* 1990:220). Met betrekking tot die insluiting van die *Belydenis van Belhar* is besluit om dit op die Stigtingsinode in die *Konsep Kerkorde* in te voeg (*Skema NGKA* 1990:221). Die Buitengewone Sinode van die NGKA (1990) het die *Konsep Kerkorde* punt vir punt in behandeling geneem en goedgekeur as grondslag vir die kerkeenheid tussen die NGSK en die NGKA.

As 'n riglyn vir die opstel van die *Kerkorde* word die demokratisering van die kerk

aangedui. Daarmee word volgens die GKK bedoel die aktiewe deelname van lidmate deur die sentraalstelling van die amp van die gelowige (*Skema VGKSA* 1994:7). Kerkrade was ook versoek om hulle in beginsel oor die verslag uit te spreek en hulle afgevaardigdes na die volgende vergaderings van onderskeidelik die Algemene Sinode van die NGKA en die Sinode van die NGSK opdrag te gee om in ooreenstemming met hul besluit te stem. Die GGK erken in hul verslag dat hul van die normale kerkordelike praktyk afgewyk het deur ’n verslag direk aan die Kerkrade voor te lê in plaas van aan die Sinode (*Skema VGKSA* 1994:19-20). Beide die RCA en die NGK was na die Gesprekskommissie vergaderings uitgenooi en ’n konsepkerkorde was aan hulle voorsien (*Acta NGKA* 1994:6). Op die Sinode van die NGSK (1990) was die verslag van die GGK behandel en al die aanbevelinge was goedgekeur. Slegs 13 NGSK-gemeentes het aangedui dat hul besware teen die voorgenome eenwording het (*Skema VGKSA* 1994:8).

Op 4 Oktober 1990 het ’n *Konvent van voorneme* in die NGSK SA Gestig te Belhar tussen die NGKA en die NGSK plaasgevind. Ds R C Herholdt het as leraar van die oudste gemeente van die twee kerke te wete SA Gestig (gestig 1799) die voorsittersstoel ingeneem (*Skema VGKSA* 1994:82). Die moderators van die twee kerke, di N A Appollis (NGSK) en ds S Buti, het die beginselbesluite van hul onderskeie kerke met betrekking tot eenheid aan die Konvent voorgelees (*Skema VGKSA* 1994:82-84). Die Konvent het aan die moderature opdrag gegee om sinodale kommissies saam te stel, die opdragte van die Sinodale Kommissies te bepaal en die plek en datum vir die Eerste Algemene Sinode te bepaal (*Acta NGSK* 1990:1172-1175). In beide die *Ligstraal* en die *Ligdraer* het ’n kerkregtelike polemiek met betrekking tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Konvent

uitgebreek.

Die gesamentlike moderature het vir die eerste keer op 2 November 1990 te Belhar vergader (*Skema VGKSA* 1994:86). Hulle het 'n verklaring met betrekking tot die kerkregtelike status van die Konvent van 4 Oktober 1990 uitgereik. Die moderature het verklaar dat die Konvent 'n wettige vergadering was en dat die besluite van die konvent gevolglik bindend vir die NGSK en die NGKA is. Daar het egter volgens die moderature ten tye van Konvent geen kerkstigting plaasgevind nie. Veel eerder het die twee kerke in beginsel verklaar om een te word. Die moderature het besluit om die Sinodale kommissies (Kerkorde Kommissie, Administrasie, Teologiese Opleiding, Ekumene, Orde Kommissie, Aktuele sake, Getuienisaksie, Diakonale Dienste, Bedieningstrukture, Sang en Liturgie, Kerkblad), van die twee kerke saam te voeg en dat die besluite van die deelnemende kerke aan bovermelde kommissies opgedra word met verslag aan die gesamentlike moderature ter voorbereiding vir die eerste Algemene Sinode (*Skema VGKSA* 1994:86-89). Die gesamentlike moderature het ooreengekom dat die NGKA op 15 tot 16 Julie 1991 'n buitengewone Algemene Sinode sal hou om die verslae en voorstelle met betrekking tot kerkeenheid af te handel. Die eerste Sinode van die Verenigende Kerk was vir 17 tot 21 Julie 1991 geskeduleer (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:7).

'n Kerkregtelike diskoers met betrekking tot kerkeenwording het vroeg in 1991 uitgebreek. Twee van die Streeksinodes van die NGKA waaronder dié van Oranje Vrystaat en Phororo in die Noord-Kaap het verklarings uitgereik waarin die wettigheid van die toekomstige eenwording asook die besluitnemingsbevoegdheid van die moderature bevraagteken was (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:3). Volgens die Streeksinode Phororo van die NGKA was die Konvent van 4 Oktober 1990

onwettig aangesien die moderatuur van die NGKA geen sinodale magtiging vir die hou van 'n Konvent van die NGKA se Buitengewone Sinode gehou in Kaapstad verkry het nie. Die Steeksinode was van mening dat aanvaarding van die Belydenis van Belhar en die Konsep Belydenis wat as die basis van die van die nuwe kerk moet dien op die Sinode, nie kerkordelik korrek geskied het nie. Volgens die moderatuur van die OVS het die moderatuur van die Algemene Sinode van die NGKA geheel buite sy magte en bevoegdheid opgetree (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:3). In sy skrywe gedateer 4 Februarie 1991 het ds D Potgieter van Heidedal-Suid, voorspel dat beide die Streeksinodes Phororo en die OVS nie aan die kerkvereniging sal deelneem nie: "Ek wil dit waag om te voorspel dat ten minste die Streeksinodes Phororo en OVS onder hierdie omstandighede nie aan die kerkvereniging sal deelneem nie ... ons staar nie kerkvereniging in die gesig nie, maar kerkversplintering" (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Potgieter maak onder andere beswaar teen die onkerkordelike wyse waarop die *Belydenis van Belhar* op die Sinode 1990 van die NGKA heeltemal in stryd met Art 36.21 aanvaar is as deel van die belydenisgrondslag van die NGKA (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Tydens 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA gedurende 1990 is gepoog om eenwording met die NGSK te bewerkstellig, maar pogings is laat vaar toe dit blyk dat dit nodig is om die *Kerkorde* te wysig. Op die Sinode is die *Kerkorde* van die NGKA opgeskort om die belydenisgrondslag te wysig.

Potgieter is van mening dat die prosedure wat deur die Algemene Sinode van die NGKA met die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* gevolg was onkerkregtelik was. Die actuarius van die NGKA, dr Nico Smith, is van mening dat meerderheidsbesluite van Sinodes deur mindere vergaderings en/of lede van die kerk

aanvaar en respekteer behoort te word en dat dit enige leraar of lidmaat van die NGKA vrystaan om as hul nie met 'n besluit van 'n Sinode saamstem nie, 'n beswaarskrif (gravamen) of beskrywingspunt na 'n Sinode te stuur (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Hierdie gebrek om ag te slaan op die kerkordelike prosesse van kerkeenwording het veroorsaak dat die geskeduleerde kerkeenwording op 16 tot 21 Julie 1991 tussen die NGKA en die NGSK uitgestel moes word.

Ds SO Skeen, redakteur van die *Ligstraal,* amptelike blad van die NGKA, is van mening dat die wyse waarop met die *Kerkorde van die NGKA* gedurende die Sinode van 1990 omgegaan is 'n saak van groot kommer is en dat dit by implikasie daartoe gelei het tot die regering (diktatuur) van die kerk deur die moderatuur. In Maart 1991 het die gesamentlike moderature aan die NGKA 'n volledige lys van verslae gegee wat hulle eers moes afhandel voordat kerkeenheid 'n werklikheid kon word. Hulle het onderneem om dit te doen (*Skema VGKSA* 1994:87). Op 17 April 1991 het die gesamentlike Moderature besluit om regsmening te bekom oor die rol en afhandeling van die kerkorde en die wyse waarop die eerste Algemene Sinode gekonstitueer moes word (*Skema VGKSA* 1994:89).

Op die Buitengewone Sinode van die Streeksinode Noord-Transvaal van die NGKA gehou 22-27 April 1991 in die Dienssentrum Mamelodi is kennis geneem dat die Buitengewone Algemene Sinode van die NGKA (1990) te Bellville reeds die *Belydenis van Belhar* aanvaar het en dat art 36 op die Sinode gewysig was. Gevolglik het die Streeksinode Noord-Transvaal besluit om die *Belydenis van Belhar* as vierde belydenisskrif aanvaar word. Die Sinode het ook kennis geneem van die *Konsep Kerkorde* wat deur die Gesamentlike Gesprekskommissie voorberei

was en op die Buitengewone Algemene Sinode 1990 as riglyn vir 'n Kerkorde van die verenigde kerk te aanvaar was (*Acta NGKA Noord-Transvaal Spesiale Sinode* 1991:14). Die Streeksinode Noord-Transvaal van die NGKA is egter een van die enkele Streeksinodes van die NGKA wat die besluite van die Buitengewone Sinode (1991) ongekwalifiseerd aanvaar het.

In die *Ligdraer* van 3 Junie 1991 het die gesamentlike moderatuur van die NGKA en die NGSK 'n verklaring uitgereik rondom die voorgenome kerkeenheid waarin hulle bekend gemaak dat die regsmening wat reeds ingewin is, oortuigend aantoon dat die weg waarlangs die NGKA se ASK voorstel om die probleem rondom art 36 aan te speek, regtens in orde was (*Ligdraer* 3 Junie 1991:4). Oor die reg van gemeentes en Ringe om self te besluit om deel van die nuwe kerk te word wat deel was van dieselfde regsadvies, het die moderatuur egter nie aan die gemeentes en Ringe gekommunikeer nie (*Ligdraer* 1 Julie 1991:4).

Op sy Buitengewone vergadering van 23 tot 24 April 1991 te Barkley -Wes het die Streeksinode Phororo van die NGKA besluit om nie aan die versoek van die ASK van die NGKA te voldoen om op 13 Julie 1991 te Pretoria 'n Buitengewone Sinode te hou nie. Die doel van die vergadering was om finale besluite te neem oor die kerkvereniging tussen die NGKA en die NGSK. Die Streeksinode Phororo het beswaar daarteen gemaak dat art 36.1, wat die reg van inspraak van die Streeksinodes in belydenissake verskans het, op die Buitengewone Sinode van die NGKA (1990) te Mitchells Plain, geskrap is (*Ligdraer* 3 Junie 1991:11). Die Streeksinode van die NGKA Phororo het van die veronderstelling uit beweeg dat die skaping van die art 36.1 te neer kom op die wederregtelike aantasting van die regte van mindere

vergadering en dat die verskanste reg van mindere vergaderinge nie sonder die toestemming van die Streeksinodes self vervreem kan word nie (*Ligdraer* 3 Junie 1991:11). Die Streeksinode van die NGKA OVS het aan die Algemene Sinode van die NGKA kennis gegee dat hul groot probleme het om die *Konsep Kerkorde* te aanvaar aangesien die *Konsep Kerkorde* nie voldoen aan die vereistes vir 'n kerkorde nie (Acta Algemene Sinode NGKA 1991:331). Hulle was van mening dat die moontlikheid word deur die *Konsep Kerkorde* gelaat dat ongereformeerde praktykte die kerk ingedra kan word. Hulle het gevolglik die Algemene Sinode van die NGKA versoek om die *Kerkorde* van die NGKA asook die NGSK te gebruik om 'n gesamentlike kerkorde op te stel (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:331-332) Reeds op 30 Oktober 1990 het die Moderatuur van die OVS aan die Moderatuur van die NGKA 'n skrywe gerig waarin hul aangetoon het dat die korrekte kerkordelike weg is dat kommissieverslae eers na die Streeksinodes gestuur behoort te word om sodoende die Streeksinode geleentheid te bied om hul inspraak oor kerkeenheid te lewer. Op die skrywe was daar nooit gereageer nie (*Acta NGKA* 1991:333). Die Streeksinode van die NGKA OVS het herbevestig dat die Streeksinode van die OVS nie sy Gereformeerde tradisie van kerkordelike funksionering kan prysgee nie (*Acta NGKA* 1991 :334).

Op 28 Junie 1991 het die NGSK die NGKA versoek om die datum vir 'n eenheidsinode uit te stel onderhewig daaraan dat die NGSK die moontlikheid van 'n buitengewone Sinode en/of 'n enkelparty verklarende hofbevel ondersoek (*Ligdraer* 7 April 1992:15). Die gesamentlike moderatuur wat die namiddag van dieselfde dag vergader het, het 'n verklaring uitgereik dat hul genoodsaak is om aan te kondig dat as gevolg van bepaalde regsprobleme in verband met die vereniging van die twee

kerke, die voorgenome eerste Sinode van die VGK nie in 17 tot 21 Julie 1991 gehou sal kan word nie (*Ligdraer* 7 April 1992:15). In die plek daarvan het die gesamentlike moderatuur, op koste van die afgevaardigdes van die twee kerke, 'n kerkeenheidskonferensie op 17 tot 18 Julie 1991 te Hatfield Christelike Gemeente in Pretoria te reël (*Skema VGKSA* 1994:91). Meer as 150 afgevaardigdes van die NGSK en die NGKA het die tweedaagse konferensie oor kerkvereniging na afloop van die NGKA Algemene Sinode 1991 bygewoon (*Ligdraer* 5 Augustus 1991:1).

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het besluit om struktureel met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) te verenig (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:391). Die NGKA is van mening dat die Federale Raad nie as forum vir kerkeenheid kon dien nie en dat strukturele eenheid as voldonge feit aanvaar behoort te word: "Die NGK sal dit moet stel dat daar net een NG Kerk in SA is en die besluit van 1857 repudieer. Die lidmate was destyds uit swakheid teen een kerk. Dit was sonde en sonde kan nie in die kerk geduld word nie" (*Skema Algemene Sinode NGKA* 1991:16).

Die *Kerkorde van die NGKA* is tydens die Sinode 1991 in twee opsigte gewysig om kerkeenheid moontlik te maak**.** Daar is onder andere besluit om 'n nuwe artikel 61 in te voeg wat soos volg lees:

> Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika mag ter enige tyd met 'n tweederdemeerderheid besluit van die Algemene sinode met een of meer van die kerke wat in Art 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig moet die besluit deur die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheidstem sowel as tweederdemeerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, hou die kerk op as om as NGKA te bestaan, en gaan op in die nuwe kerk Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en lastes van die regspersone van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigende kerk wat uit die vereniging ontstaan.
>
> (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:440)

Ingevolge artikel 61 volg ontbinding outomaties op die besluit om te verenig en is dit insidenteel tot die besluit om te verenig.

Op die Sinode is art 36.1 en 36.2 van die *Kerkorde van die NGKA* gewysig ten einde die NGKA se Algemene Sinode in staat te stel om met 'n tweederdemeerderheid die belydenisgrondslag van die NGKA te wysig (*Acta NGKA* 1991:391):

> Art 36.1: Die wysiging van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met tweederdemeerderheid en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.
> Art 36.2: Met uitsondering van die belydenis (Art 1) mag die Algemene Sinode die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheid stem.
> (*Skema Algemene Sinode NGKA* 1987:448)

Artikel 361 en 36 2 is op die NGKA Algemene Sinode 1991 soos volg gewysig:

> Art 36.1: Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met tweederdemeerderheid deur die algemene Sinode. Enige besware van lidmate, Ring of Streeksinode teen sodanige wysigings of uitbreidings mag by wyse van Gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging.
> (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:434)

Die sinsnede "en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is," is op die Sinode geskrap: "Art 36.2. Die Algemene Sinode die Kerkorde mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheid stem" (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991: p 5.1 punt 2. 2.4) Die sinsnede "met uitsondering van die belydenis (Art 1)" is geskrap. Artikel 1 is ook op die Sinode 1991 gewysig om sodoende die *Belydenis van Belhar* deel van die Belydenisgrondslag te maak:

> Art 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in: Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1919, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die vyf Dordtse Leerreëls en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius en die *Belhar Belydenis.*
> (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:389)

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het verder besluit:

> Die sinode vereenselwig hom met die aanbevelings van die verslag van die gesprekskommissie aan die kerkrade 6.1 tot 6.3) in verband met die voorlopige reëlings ten opsigte van bestaande grense en werksaamhede van gemeentes en dat daar slegs een kerk sal wees, dat alle ringe van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika binne bepaalde geografiese grense saamsmelt en dra dit aan die eerste Algemene Sinode van die een kerk op om die samestelling van Ringe vir een kerk te bepaal.
>
> (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:389)

Die Sinode het ook sonder teenstem besluit dat die *Belydenis van Belhar* soos vasgestel deur die Sinode van die NGSK 1986 by art 1.1 van die Kerkorde van die NGKA te voeg (Acta Algemene Sinode NGKA 1991:392). Die Sinode het besluit om bepaling 36.1 asook 36.2 (1991:392). Enige besware van lidmate, Ring, Streeksinode teen sodanige wysiging of uitbreiding kon by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging (1991:392). Die Sinode het die voorgestelde *Kerkorde* as basis vir kerkeenwording aanvaar asook dat die Konvent wettig was (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:392).

Volgens Art 36.1 moes elke Streeksinode van die NGKA vir die wysiging van die belydenisgrondslag afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit alvorens sodanige wysiging op die Algemene Sinode gewysig kon word. Elke gemeente het dus inspraak in die wysiging van die belydenisgrondslag gehad. Die wysiging van die belydenisgrondslag is egter op die Sinode van die NGKA (1991) sonder die vereiste tweederdemeerderheid geneem. Die Algemene Sinode (1991) het dit eenparig goedgekeur dat die NGKA te enige tyd met 'n tweederdemeerderheid besluit van die Algemene Sinode sowel as die Streeksinodes met een of meer kerke struktureel kan verenig en dat wanneer so 'n besluit geneem word, die kerk op hou

om as NGKA te bestaan en dat in die nuwe kerk alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van regspersone van die NGKA opgaan en daarmee aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan het (*Acta NGKA* 1991:393). Die Sinode het verder besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot ’n Stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en sal gevolglik ontbind. Die Sinode dra gevolglik al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste, verpligtinge, niks uitgesonderd nie oor aan die Algemene Sinode van die verenigende kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK ontstaan (*Acta NGKA* 1991:393).

Voor die wysiging het art 36 van die *Kerkorde* bepaal dat die Algemene Sinode, met uitsondering van die belydenisgrondslag, die *Kerkorde* met ’n tweederdemeerderheid kon wysig of aanvul (*Acta NGKA* 1991:440). Met bovermelde besluite van die NGKA Sinode 1991 was die Algemene Sinode van die NGKA in staat gestel om op sy eie, met ’n tweederdemeerderheid die belydenisgrondslag van die NGKA, sonder in spraak van die Streeksinodes, te wysig. Slegs ’n besluit van die Algemene Sinode sou voortaan voldoende wees vir kerkvereniging en die stigting van ’n nuwe kerk. met betrekking tot die oordra van alle regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge van die Algemene Sinode NGKA na die verenigde kerk oor te dra het die Sinode die volgende besluit geneem:

> Besluit 1.1.34 Die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot ’n stigtingssinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te ontbind, en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge,

> niks uitgesonder nie, oor na die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK in SA ontstaan.
>
> (*Acta NGKA* 1991:393)

Volgens bovermelde besluit ontbind die Algemene Sinode en dra al sy bates aan die Algemene Sinode van die nuwe kerk oor op die stadium wanneer die nuwe kerk konstitueer (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96).

Die Sinode het die voorgestelde *Konsep Kerkorde* as basis vir kerkeenwording aanvaar (*Acta NGKA* 1991: p 5.1 punt 2.2.6). Die Sinode het verder dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n Stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou bestaan en ontbind en dra alle regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie oor aan die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK ontstaan (*Acta NGKA* 1991:393). Die ontbindingsbesluit van die Algemene Sinode van die NGKA het egter nie outomaties die gemeentes, Ringe en Streeksinodes gebind nie. Daarom was verdere besluite wat betrekking het op die Streeksinodes, Ringe en Kerkrade op die Sinode geneem. Aan die Streeksinodes, Ringe is opgedra om self ontbindingsbesluite soortgelyk aan dié van die Algemene Sinode te neem (Acta NGKA 1991:393-394, besluit 1.1.35 en 1.1.36). Aan gemeentes is opgedra om self stappe te neem met betrekking tot die voorsetting van die gemeente as regspersoon met 'n nuwe identiteit (*Acta NGKA* 1991:393-394, besluit 1.1.37). Geen ontbindingsbesluite was volgens appèlregter Vivier deur die Streeksinodes van die

NGKA OVS en die NGKA Phororo of enige van die 102 ander gemeentes betrokke in die kerkstryd geneem nie (supra saaknommer 536/96:11).

Op 'n 18 Julie 1992 het die Gesamentlike Moderature die Gesamentlike Kommissies versoek om hul verslae af te rond, uit te brei of te voltooi met die oog op die Stigtingsinode van (*Skema VGKSA* 1994:94). In Februarie 1993 het die afvaardiging van die NGKA en die NGSK 'n beginselverklaring met betrekking tot kerkeenheid uitgereik. Die afvaardiging het verklaar dat dit hulle gemeenskaplike oortuiging is dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die Gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk gestalte moét vind in een enkele kerkverband. Dit beteken dat bestaande institute sal moet verenig in 'n enkele instituut, georganiseerd volgens Gereformeerde kerkreg en kerkverband. Op 15 September 1993 het die Gesamentlike Moderature besluit dat die Stigtingsinode te Belhar op die 14 April 1994 tot 17 April 1994 sal plaasvind (*Skema VGKSA* 1994:96). Op 12 Oktober 1993 het die "drie strategiese gesamentlike kommissies" naamlik die Gesamentlike Moderature, Gesamentlike Regskommissies en Gesamentlike Kommissie vir Administrasie 'n ad-hoc vergadering gehou. Anders as wat die aanbeveling van die reggeleerdes het genoemde gesamentlike kommissies besluit om nie die mindere vergaderings te versoek om eie selfstandige ontbindingsbesluite te neem nie, omdat geoordeel was dat die dekkende besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (art 61) en die Sinode van die NGSK voldoende was (*Skema VGKSA* 1994:95). Regsmening wat vooraf deur die NGKA en NGSK verwerf was, het daarop gedui dat 'n ontbindingsklousule nodig is om eenheid te bewerkstellig (*Skema NGSK* 1994:3-4). Daar is deur die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) ooreengekom om aan te beveel dat die Algemene

Sinode van die NGKA 'n verdere belydenisskrif, naamlik die *Belydenis van Belhar* sou aanvaar (*VGKSA en MD Kambule en 160 ander en die NGKA OVS en die NGKA-Phororo* Saaknommer 799/96:4).

Op 14 April 1994 is 'n Stigtingsinode met verteenwoordigers van die NGKA en die NGSK in Belhar gehou waar 'n nuwe kerk, die Verenigende Gereformeerde kerk in Suider-Afrika (VGKSA) gestig was en het gevolglik beide die NGSK en die NGKA opgehou om as afsonderlike kerke te bestaan en het opgaan in 'n nuwe kerk. Alle eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA en die NGSK was oorgedra na die ooreenstemmende regspersone van die verenigende kerk wat uit die vereniging ontstaan. Hiermee was die laaste twee sinne van art 61 in werking gestel. Op die Stigtingsinode is die *Kerkorde* met 12 artikels van die VGKSA goedgekeur (*Acta VGKSA* 1994:290-292).[13]

Die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA-Phororo was van meet af nie gediend met die kerkvereniging en die wysigings van die *Kerkorde* wat die kerkvereniging voorafgegaan het nie. Alreeds tydens hul eerste vergadering op 26 Mei 1994 het die dagbestuur van die VGKSA kennis geneem van die besware van die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo insake kerkeenwording (*Skema VGKSA* 1997:20). Die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo het van die veronderstelling uitgegaan dat die wysigings aan die *Kerkorde* sowel die kerkvereniging nie regsgeldig was nie. Op 22 November 1994 het die Streeksinode van die NGKA Phororo se besluit om buite verband van die VGKSA te tree en om

[13] Lees ook Hoofstuk 7 met betrekking tot die Stigtingsinode en gepaardgaande kerkregtelike ontwikkeling van die VGKSA.

as die nuwe NGKA voort te bestaan terwyl hul toetrede tot die NGK Noord-Kaap soek. Op 8 Februarie 1995 het die dagbestuur van die VGKSA kennis gekry dat die Streeksinode Phororo toetrede tot die NGK Noordkaap soek. Die dagbestuur ag hierdie handeling as ’n eensydige uittrede uit die kerkverband en het aan die actuarius, ds J Buys, opdrag gegee om namens die dagbestuur instruksies aan ’n prokureur te gee om regstappe te neem om die regte en belange van die VGKSA te verseker (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:21).

Die NGKA en die VGKSA het eers pogings aangewend om die kerkregtelike geskil minlik by te lê. Op 15 Junie 1994, 3 Augustus 1994, 8 November 1994, 11 April 1995, 15 Mei 1995, 18 Julie 1995, 12 September 1995 en 15 November 1995 het vergaderings tussen die moderatuur van die VGKSA die moderature van die twee onderskeie Sinodes asook met die beswaardes plaasgevind (*Skema VGKSA* 1997:20-23). Op die vergadering van 3 Augustus 1994 het die moderatuur van die Algemene Sinode kennis geneem dat die Streeksinode Phororo hul sedert hul Buitengewone Sinode wat op 22 Junie 1994 plaasgevind het, buite die verband van die VGKSA ag (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:20). Die eerste gewone vergadering van die Streeksinode van die NGKA Phororo het plaasgevind vanaf 22 tot 26 Maart 1995.

Die hoofdoel van was die bylegging van die besware insake kerkeenwording (*Acta VGKSA* 1997:37). ’n *Memorandum van Ontevredenheid* oor die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk, geteken deur di MS Kuekue en MJ Ramolahleli was op die vergadering wat op 11 April 1995 tussen die moderatuur van die OVS Streeksinode en die moderatuur van die VGKSA plaasgevind het, ter tafel gelê. Die

memorandum behels die volgende hoofpunte as redes wat ten grondslag lê van die ontevredenheid met die stigting van die VGKSA): "Die Sinode van die NGKA het nie die kerk met haar saamgeneem nie; die Sinode van die NGKA het kerkregtelik gefouteer; die NGKA het met hierdie vereniging baie verloor" (*Skema VGKSA* 1997:35).

Die kernvraag is of die besluit tot kerkeenwording bindend was op die ontevrede gemeentes aangesien hul van mening toegedaan was dat die besluite in stryd was met die kerkorde van die NGKA en hul gevolglik die reg tot appèl het. Die feit dat die VGKSA op die Stigtingsinode die NGKA opgehef het beteken dat hul regstegnies nie kon appelleer nie.

Op 12 September 1995 het die dagbestuur van die VGKSA die ongeveer 120 persone uit die Vrystaatse Gemeentes in Bloemfontein ontmoet. Die beswaardes was van mening dat die NGKA nooit kerkregtelik ontbind het nie (supra saaknommer 799/96:2). Geen ontbindingsbesluite of stappe was ooit deur die Streeksinodes van die NGKA OVS en die NGKA Phororo of enige van die ander 102 beswaarde gemeentes in die NGKA geneem nie.

Die dagbestuur van die VGKSA kon egter nie daarin slaag om die geskil minlik by te lê nie. Die Streeksinode van die NGKA OVS het gevolglik op 27 September 1995 tot 6 Oktober 1995 te Parys plaasgevind (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:23). Die kernvraag is volgens appèlregter Vivier of die NGKA se Algemene Sinode by magte was in 1991 om art 61, wat onder andere aan die Algemene Sinode die mag verleen het om 'n nuwe kerk te stig met oordrag van die bates van die NGKA

se regspersone aan die nuwe kerk, in die *Kerkorde* in te voeg (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96). 102 NGKA gemeentes (76 gemeentes in die Vrystaat en 26 gemeentes in die gebied van Phororo het die kerkvereniging op bovermelde redes nie aanvaar nie. Op 15 November 1995 het die dagbestuur van die VGKSA die moderatuur van die NGKA-OVS di P Ralepeli, A S Bührmann, M S Kuekue en M J Ramolahlehi ontmoet. Die partye kon egter nie tot 'n skikking kom nie aangesien die Streeksinode van die NGKA OVS van mening was dat hul nie ontbind het nie en dus as 'n selfstandige kerk met 'n eie *Kerkorde* bestaan en nie deur ander kerke voorgeskryf kan word nie. Die VGKSA, daarenteen, was van mening dat met die NGSK en die NGKA se eenwording op 14 April 1994 het beide deelnemende kerke se regspersone in die VGKSA opgegaan (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:45).

Die VGKSA het op 26 Februarie 1996 'n aansoek gebring in die Oranje Vrystaatse Provinsiale Afdeling by wyse van *Kennisgewing van Mosie* 'n aansoek aanhangig gemaak waarin daar onder andere gevra word om 'n bevel wat verklaar dat die voormalige NGSK en die voormalige NGKA op 14 April 1994 regsgeldig verenig het om die VGKSA te vorm. In die *Kennisgewing van Mosie* was ook 'n bevel aangevra wat verklaar dat die gemelde vereniging meegebring het dat die NGKA opgehou het om te bestaan en dat alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA en dat die Streeksinode van die NGKA OVS wat op 27 September 1995 vergader het, oor geen regsbevoegdheid beskik het om enige regsgeldige handelinge namens die voormalige NGKA en die Vrystaat te verrig nie (supra

saaknommer 799/96:3 en supra saaknommer 536/96:3-4 ). Op 16 September 1996 het die Hooggeregshof uitspraak in die guns van die VGKSA gelewer.

Die Streeksinodes van die NGKA OVS en Phororo het gesamentlik aansoek gedoen om appèl. Die aanhoor van die appèlsaak is vir 6 November 1998 bevestig en uitspraak was op 27 November 1998 gelewer (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 2001:7). 'n Volle regbank van hooggeregshof regters het die appèl verhoor terwyl die uitspraak onderskeidelik deur appèlregters Harmse en Vivier gelewer was. In hul uitspraak het beide regters die gesag en beperkings van die gesag van meerdere vergaderings belig. Die Hoogste Hof van Appèl het op 27 November 1998 ten gunste van die NGKA uitspraak gelewer. Die kerkvereniging in 1994 verskil volgens die uitspraak met die in 1963 daarin dat die bates van die onderskeie gemeentes, Ringe en Sinodes, Streeksinodes na die VGKSA oorgedra moes word. Die regter gaan daarvan uit dat die stigting van die VGKSA die NGKA nie opgehef is nie, maar dat die NGKA bly voortbestaan het. Oor die stigting van die VGKSA word daar in die hofsaak nie uitspraak gelewer nie. Die vier kerke, NG Bantoekerk in Suid-Afrika met die NG sendingkerke in die Oranje Vrystaat, Transvaal en Natal, se gemeentes, Ringe, Sinodes het volgens appèlregter Vivier met die vereniging op 7 Mei 1963 bly voortbestaan sonder oordra van bates na die NGKA (supra saaknommer 536/96:3-5).

Die beginsels wat tradisioneel by ander vrywillige organisasies geld, asook kontrakbeginsels was volgens appèlregter Harmse in die saak aangewend (supra saaknommer 536/96:3). Van besondere belang in die saak was die *ultra vires*-leerstuk, want as 'n kerkorgaan buite sy bevoegdheid handel, is 'n burgerlike hof

verplig om die handelinge ter syde te stel, en is teologiese, kerklike (of ekklesiastiese), politieke (in wyer sin) en praktiese oorwegings ontersaaklik. Die regter was van mening dat die bevoegdheid tot die ontbinding van 'n gemeente of die verandering van 'n kerkverband nie by die Kerkraad berus nie, maar by die gemeente (*Du Preez en andere v Nederduitse Gereformeerde gemeente, De Deur, 1994 (2) SA 191*) Appèlregter LTC Harmse was van mening dat die grondwette en kerkordes die regte van minderhede verskans deur middel van selfopgelegde formaliteite. Wat die belydenisgrondslag van die kerk betref kon dit volgens appèlregter Harmse ooreenkomstig art 36.1 in sy oorspronklike vorm alleen gewysig word mits die drie formele vereistes voldoen is, naamlik (i) raadpleging van alle kerke van die NGKerkverband, (II) 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste van die verandering deur elke Streeksinode afsonderlik en eers daarna (iii) 'n tweederdemeerderheidstem van die Algemene Sinode (supra saaknommer 536/96:7). Die inspraak van die Streeksinodes in die verband beteken volgens appèlregter Harmse in effek dat twee derdes van alle gemeentes vooraf moet stem tot die voorgestelde wysiging (supra saaknommer 536/96:9). Met betrekking tot die ingevoerde artikel 61 is die onmiddellike vraag volgens appèlregter Harmse waar die Algemene Sinode die bevoegdheid verkry het om te beskik oor die voorgesette regspersoonlikheid en bates van die gemeente (supra saaknommer 536/96:10). Harmse is van mening dat die Algemene Sinode kon dus nie by bewyse van 'n wysiging aan die Kerkorde beskik oor die regspersoonlikheid, voortbestaan of bates of laste van enige mindere vergadering nie. Hy oordeel gevolglik dat "omdat art 61 klaarblyklik ondeelbaar is, maak hierdie wesenlike vernietiging die hele klousule ongeldig" (supra saaknommer 536/96:11). "(V)an besondere belang is die *ultra vires*-leerstuk, want as 'n kerkorgaan buite sy bevoegdheid handel, is 'n burgerlike hof verplig om die

handeling ter syde te stel, en is teologiese, kerklike (ekklesiastiese), politieke (in ’n wyer sin) en praktiese oorwegings onsaaklik” (supra saaknommer 536/96:3).

Die Nederduitse Gereformeerde kerke word volgens appèlregter Vivier beskou word as ’n vrywillige of onderlinge vereniging (*collegium*) waarvan die lede kontraktueel verbind word deur die betrokke kerkordes (supra saaknommer 536/96:13). Die VGKSA se betoog is volgens appèlregter Harmse gebaseer op ’n oorvereenvoudigde siening van wat kerk is (supra saaknommer 536/96:5). Die woord kerk het volgens Harmse (supra saaknommer 536/96:5) meerdere betekenisse soos wat uit die kerkorde van die NGKA blyk. Kerk is volgens Harmse nie sinoniem met die Algemene Sinode nie. Die regter gaan van die veronderstelling uit dat daar ŉ prinsipiële verskil is tussen het gesag van die Kerkraad en die meerdere vergadering en dat die regte van minderhede onder andere in art 36.1 en 36.2 verskans is.

Die Algemene Sinode is volgens Vivier tydelik van aard en is geen permanente bestuursliggaam nie volgens (supra saaknommer 536/96:24). Die bevoegdheid van die Algemene Sinode eindig by uiteengaan van die vergadering. Die Algemene Sinode is gevolglik volgens Vivier nie by magte om ŉ besluit in stryd met die kerkorde te neem nie (supra saaknommer 536/96:325). Wanneer die NGKA besluit om met die NGSK te verenig, word die sinodale besluit nie *ipso facto* die besluit van ŉ Kerkraad nie. Die Algemene Sinode verteenwoordig nie in alle opsigte die “kerk” nie Harmse (supra saaknommer 536/96:3). Die Algemene Sinode het gevolglik volgens Harmse beperkte bevoegdhede. Die bevoegdheid tot die ontbinding van ’n gemeente berus of verandering van ’n kerkverband berus nie by die Kerkraad nie, maar by die gemeente.

Met betrekking tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode om te beskik oor die voorgesette regspersoon en bates van gemeentes is Harmse van mening dat daar geen onderskeid is tussen professionele verenigings en die kerk nie:

> As 'n vereniging van regspersone die bevoegdheid het om 'n konstitusie te wysig, sluit dit by noodwendige implikasie in dat die vereniging die pas vermelde beskikkingsbevoegdheid het? As die vraag in die konteks van, sê, 'n professionele of sportvereniging gevra word, is die antwoord 'n klaarblyklike nee. Byvoorbeeld, as 'n provinsiale tennisvereniging 'n blote wysigingsbevoegdheid van sy grondwet het, kan hy hom tog nie die reg toeëien om oor die bates van elke klub wat by hom geaffilieer is, te beskik nie. By 'n kerk met 'n samestelling soos die NGKA kan dit nie anders wees nie.
> (supra saaknommer 536/96:10)

Die Algemene Sinode kan dus nie by wyse van 'n wysiging aan die *Kerkorde,* beskik oor die regspersoon, voortbestaan, bates en laste van enige mindere vergadering nie. Die Suid-Afrikaanse howe beskou volgens Vivier die plaaslike gemeentes van die verskillende denominasies konsekwent as regspersone (supra saaknommer 536/96:20). Uit die *Kerkorde* van die NGKA blyk dit dat die plaaslike gemeente 'n regspersoon is. As regspersoon is die plaaslike gemeente die wettige eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse.

In die Gereformeerde stelsel is elke plaaslike gemeente die sigbare openbaring en organisasie van die kerk en op sigself volledig kerk (supra saaknommer 536/96:17). Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenis het nie of wat dieselfde belydenisskrifte verskillend vertolk en kerkregtelik verskillend georganiseerd is, is volgens Vivier nie moontlik nie aangesien eenheid in belydenis die samebindende faktor by die kerkverband is (supra saaknommer 536/96:17.

Die Algemene Sinode is volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:23 ) nie by magte om 'n bepaling in die Kerkorde te wysig om 'n doel te bereik wat buite sy

magte is nie. Vivier (supra saaknommer 536/96:28) gaan van die veronderstelling uit dat met die invoeging van art 61 die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het. Volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:31) gaan art 61 van die NGKA verder as die ontbinding van die NGKA. Die NGK gaan volgens art 61 by ontbinding op in 'n nuwe kerk en word alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone in die nuwe kerk. Dit kom daarop te neer dat elke gemeente se regte, voorregte, eiendomme, bates en laste eenvoudig opgeneem word, sonder enige deelname aan die besluit, en oorgedra word aan 'n nuwe kerkverband. Die Algemene Sinode het volgens appèlregter Vivier egter nie die mag om besluite oor 'n gemeente se bates te neem of eensydig die gemeente se aard en identiteit te verander of te ontbind nie (supra saaknommer 536/96:33). Die besluit 1.1.34 van die NGKA Sinode 1991 impliseer immers dat die gemeente as regspersoon se eiendom en bates regtens ontneem kan word:

> Besluit 1.1.34 Die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n Stigtingssinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te ontbind, en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie, oor na die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK in SA ontstaan.
>
> (*Acta NGKA* 1991:393)

Die Algemene Sinode het volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:34) nie die reg om sonder die goedkeuring van sy lede, dit wil sê al die gemeentes, die kerkverband te verander en 'n ander kerk te stig nie. Die vereiste goedkeuring is nie verkry nie daarom is die besluit van 1991 nie regsgeldig nie. Die Algemene Sinode kan volgens Gereformeerde Kerkregtelike beginsels slegs tot kerkvereniging oorgaan en die stigting van 'n nuwe kerk oorgaan indien goedkeuring van lede verkry is. Die Algemene Sinode van die NGKA 1991 het volgens appèlregter Vivier buite sy

bevoegdheid gehandel:

> Die hele besluit van die Algemene Sinode van die NGKA op sy vergadering van Julie 1991 om met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1.1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig. Daarbenewens was ook die wysiging van art 36, soos ek reeds bevind het, ook ongeldig.
> (supra saaknommer 536/96:43)

Die Hoogste hof van Appèl het die uitspraak van die Hooggeregshof omvergewerp en het op 27 November 1998 ten gunste van die NGKA OVS en Phororo uitspraak gelewer (*Agenda Algemene Sinode* 1997:134). Die uitspraak van die hof was dat die Algemene Sinode van die NGKA nie die bevoegdheid gehad het om Artikel 36 te wysig nie en 'n ontbindingsklousule in te voeg nie. Al die besluite wat betrekking gehad het op vereniging met die NGSK was gevolglik *ultra vires*. Hierdie uitspraak is daarop gebaseer dat daar by die stigting van die NGKA in 1963 nie voorsien is dat die NGKA sou verenig nie. Die hof het besluit dat die NGKA-OVS en NGKA-Phororo bestaan (*Agenda Algemene Sinode* 1997:134).

Die Dagbestuur van die VGKSA het op 1 Februarie 1999 vergader om die implikasies van die hofuitspraak te bespreek. Met betrekking tot die voortbestaan en stryd tot die gebruik van kerklike eiendom besluit die Dagbestuur van die VGKSA om regshulp te oorweeg en tot beskikking te stel van gemeentes wie hul regmatig vereenselwig met die VGKSA (*Acta VGKSA* 2001:134).

Die NGKA Streeksinode OVS en die NGKA Streeksinode Phororo het gevolglik na die aanspraak op die eiendom van die voormalige NGKA in gebruik van die VGKSA aanspraak gemaak. Gemeentes was aangemoedig om die eiendom teen 31 Januarie 1999 op te eis (*Skema VGKSA* 2001:35). Aansoek is by die appèlhof deur die NGKA gedoen om die uitsetting van gemeentes van die VGKSA (*Skema VGKSA* 2001:134).

Dit het gelei uiteindelik tot nimmereindige konflik, en/of hofgedinge tussen die NGKA en die VGKSA. Een na die ander hofgeding tussen die VGKSA en die beswaardes het hierna gevolg. Die beswaardes van die NGKA was van mening dat die ontbinding en samesmelting met 'n ander kerk slegs kan plaasvind as al die gemeentes, Ringe en Streeksinodes tot so 'n besluit geraak het en dat die wysigings aan die kerkorde wat die Algemene Sinode van die NGKA ter bereiking van die beoogde vereniging aangebring was nie deur die kerkorde gemagtig was nie en dat die Algemene Sinode dus nie bevoeg was om die kerkorde te wysig nie (supra saaknommer 799/96:7-8). Die beswaardes beklemtoon onder andere dat die regspersoon van die NGKA in die plaaslike gemeente gesetel is. Die belangrikste beswaar was dat die toestemming van die mindere vergaderings met betrekking tot kerkeenheid nie na behore gedoen is nie. Die VGKSA het die beswaarde NGKA gemeentes buite kerkverband geplaas.

Verslag was op VGKSA Algemene Sinode 2005 gedoen oor etlike hangende sake in die Vrystaat en Lesotho. Pogings om buite die hof 'n skikking te bereik was onsuksesvol. Selfs pogings om 'n regter van die Hooggeregshof as mediator te kry was onsuksesvol. 'n Hooggeregshofsaak van Seeisoville VGKSA was gedurende Februarie 2005 verloor met die gevolg dat die gemeente en ds J Diale, predikant van die VGKSA Seeisoville, en sy familie uit die kerkeiendom gesit was. Ook in Heidelberg (Suid Transvaal) het die gemeente 'n hofsaak verloor en het geappelleer teen die uitspraak. Dieselfde het gebeur in Gcuwe Gemeente in die Oos Kaap (*Skema Algemene Sinode* 2005:41). Die saak tussen die *Koppies Gemeente van die NGKA–OVS en die Koppies Gemeente van die VGKSA* was aangehoor op die 8 tot 18$^{de}$ November 2005 en uitspraak was gelewer deur regter C J Musi op 26 Oktober

2006 (saaknommer 2287/1999). Die saak was in verband met ontruiming van onroerende goedere en tot beskikking stel van sodanige goedere aan die eiser asook die lewering van roerende goedere aan eiser. Regter C J Musi het beslis dat die VGKSA nie daarin kon slaag om met ’n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat die Kerkraad van die NGKA Koppies die bevoegdheid gehad het om die gemeente se kerkverband te verander nie; dat die NGKA bly voort bestaan het as die NGKA Koppies toe hul dienste in die pastorie gehou het en dat die NGKA steeds geregtig is op die eiendomsreg oor die besit van die bates van die NGKA Koppies gemeente “soos wat dit was voordat die skynbesluit geneem is” (supra saaknommer 2287/1999).

### 5.4.1. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike kerk aan (art 28, 30, 32). Art 84 van die DKO druk ook die selfstandigheid van die plaaslike kerk uit as ’n fundamentele beginsel van die Gereformeerde kerkverband. Hierdie Gereformeerde kerkregbeginsels word in die besluite met betrekking tot kerkeenwording geïgnoreer. 102 gemeentes van die NGKA het afwysend teen die vorm van hiërargie gestaan en het gevolglik die besluite met betrekking tot kerkeenwording in ’n burgerlike hof getwis. Appèlregter Vivier beklemtoon in sy uitspraak dat een van die hoofkenmerke van die Gereformeerde stelsel is dat elke plaaslike gemeente die sigbare openbaring en organisasie van die kerk is en dus op sigself volledig kerk is (supra saaknommer 536/96:17).

Die howe beskou gemeentes van verskillende denominasies as regspersone. Uit die Kerkorde van die NGKA blyk dit ook dat die plaaslike gemeente as regspersoon beskou word. Volgens appèlregter Vivier is die plaaslike gemeente dus die wettige eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse. Vivier toon aan dat aan die Kerkraad sake van plaaslike aard toe vertrou word. Een van die sake wat aan die Kerkraad toe vertrou word, is om namens die gemeente oor die eiendom van die gemeente te handel (supra saaknommer 536/96:20-22). Met betrekking die belydenisgrondslag ten einde kerkeenheid te bewerkstellig oordeel appèlregter Vivier dat deur middel van die twee derde klousule die inspraak van elke gemeente van die kerk deur sy verteenwoordigers op die Streeksinode verseker was in die ongewysigde art 36. Hy is van mening dat die belydenis in art 36 verskans was en dat die Algemene Sinode dus nie by magte was om die verskansing te omseil deur 'n eensydige wysiging van art 36 nie (supra saaknommer 5336/96:27-28) Vivier oordeel soos volg:

> Na my mening is dit duidelik dat by die invoeging van art 61 die algemene sinode die wysigingsbevoegdheid in art 36 gebruik het om 'n resultaat te bereik wat nie alleen nooit bedoel kon gewees het nie, maar ook strydig is met die hele oogmerk van die wysigingsbevoegdheid in art 36.
> (supra saaknommer 5336/96:29)

Vivier oordeel dat die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het met die invoeging van art 61 (supra saaknommer 5336/96:31) wesenlik kom art 61 daarop te neer dat ontbinding insidenteel is tot 'n besluit om met 'n ander kerk te verenig. Dit kom dus daarop te neer dat elke gemeente met al sy regte, voorregte bates ensovoorts eenvoudig opgeneem word en sonder deelname aan die besluit in 'n nuwe kerkverband opgeneem word (supra saaknommer 5336/96:32). Volgens Vivier is die Algemene Sinode nie by magte om 'n besluit oor 'n gemeente se bates te neem nie of eensydig die gemeente se aard of identiteit te verander of te ontbind nie (supra

saaknommer 5336/96:33). As onafhanklike regspersoon besit die gemeente sy eie eiendom en bates en regtens kan sy eiendom nie teen sy wil ontneem word nie**.**

**5.4.2. Die karakter van die kerkverband**

Die Algemene Sinode 1991 het van die voorveronderstelling uitgegaan dat hul die reg het om die gemeente se kerkverband eensydig te verander en 'n ander kerk te stig. In die Hoogste hof van Appèl se uitspraak is aangetoon dat die Streeksinodes behou volgens art 30 volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies en werksaamhede wat hul voor die vereniging van 7 Mei 1963 gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens hierdie *Kerkorde* aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word (supra saaknommer 536/96:23). Vivier toon aan dat die Algemene Sinode nie by magte is om 'n besluit te neem wat in stryd is met die *Kerkorde* nie. Die motief agter so 'n besluit hoe lofwaardig ook al is volgens Vivier irrelevant in die onderhawige saak (supra saaknommer 5336/96:2). Vivier is van mening dat die volgende *dictum* in die saak van Minister of Interior and Another v Harris and Others 1952 (4) SA 769 (A) op 793 A-B: ook geld vir die Algemene Sinode: "If an Act is beyond the competence of a legislative body, its motives are irrelevant, whether they be ethical, legal or political" (supra saaknommer 5336/96:25).

Die Algemene Sinode was dus nie by magte om 'n bepaling in die kerkorde te wysig ten einde 'n doel te bereik wat buite sy magte is nie. Die Algemene Sinode het dus geen jurisdiksie om die gemeente se kerkverband eensydig te verander nie en 'n ander kerk te stig nie aldus Vivier (supra saaknommer 5336/96:34). Vivier stel dit in sy uitspraak duidelik dat die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het. Die

hele besluit van die Algemene Sinode op 1991 om saam met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1,1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig daarbenewens was ook die wysiging van art 36 ongeldig.

Daar is bevind dat die hof van die eerste instansie verkeerdelik verklaar het dat die NGKA nie bestaan nie, dat alle regte ensovoorts van die regspersone van die NGKA oorgedra is van die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA en dat die Streeksinode van die NGKA OVS en Phororo geen regsbevoegdheid meer besit nie. 27 November 1998 het die Hoogste Hof van Appèl die uitspraak van die Hooggeregshof in die saak tussen die VGKSA en die NGKA omvergewerp en ten gunste van die Streeksinodes van NGKA OVS en Phororo uitspraak gelewer (*Acta VGKSA* 2001:134). In die hofsaak is beslis dat die Algemene Sinode (NGKA) nie die bevoegdheid gehad het om artikel 36 te wysig en die ontbindingsklousule in te voeg nie. Die uitspraak is daarop gebaseer op die feit dat daar by die stigting van die NGKA nie voorsien is dat hierdie kerk sou verenig nie. Die Hoogste Hof van Appèl het geen uitspraak gemaak oor die bestaan al dan nie van die VGKSA nie. Die gevolg van die uitspraak was dat die Streeksinodes van die NGKA OVS en Phororo aanspraak gemaak het op al die eiendomme van die voormalige NGKA in gebruik van die VGKSA.

### 5.4.3. Die karakter van die gesag van meerdere vergadering

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het besluite met betrekking tot die ontbinding van die plaaslike gemeentes en die oordrag van eiendom gemaak asof daar geen Kerkraad is nie. Uit bovermelde hofuitspraak en die

Doleansiekerkregbeginsels is dit egter duidelik dat meerdere vergaderinge wel seggenskap het, maar dat dit geen seggenskap in die sin van heerskappy is nie. Dit is ook nie bestuurs- of regeermag nie. Dit is ook nie slegs blote adviserend mag nie. Die mag van meerdere vergaderinge word immers beperk deur art 31 van die DKO asook deur die kerkorde van die NGKA. Die meerdere vergaderinge van die NGKA kon dus bindende besluite maak mits dit nie strydig is met die Woord van God of die *Kerkorde* nie.

### 5.4.4. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

In die kerkorde van die NGKA word op voetspoor met die art 31 van die DKO voorsiening gemaak om teen die besluite van alle kerklike vergaderings te appelleer. In die stryd om kerkeenwording het nie een van die Streeksinodes teen die besluite van die Algemene Sinode geappelleer nie.

### 5.4.5. Die gesag van die meerdere vergadering in geval van wanbestuur

Die NGKA het geen bepaling in hul kerkorde om die bedorwe deel van 'n Kerkraad van die gemeente af te sit met die hulp van die meerdere vergadering nie.

## 5.5. Konklusie

Van die Presbiteriaanse kerkregeringstelsel is met die daarstelling van afsonderlike sendingkerke vir swart mense aanvanklik weinig mee rekening gehou. Eers in 1953 met die aanvaarding van die *Grondwet van 1953* was die benoemingsreg en beroepingsreg aan die sendingkerke vir swart mense verleen.

Dit gaan in die kerkregtelike stryd tussen die NGKA en die VGKSA om die gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering om besluite van bindende aard ten opsigte van kerkvereniging sonder inspraak van die plaaslike gemeentes te maak. Die Hoogste Hof van Appèl onderstreep dit dat die Gereformeerde kerkreg heerskappy uitsluit en stel dit duidelik dat die mag van die Algemene Sinode beperk is teenoor dié van die plaaslike gemeente. Die besluite van die meerdere vergadering het immers slegs bindende krag in so verre dit ooreenstem met die Woord van God, asook die kerkorde. Die Algemene Sinode oefen dus nie groter mag uit nie, maar het slegs afgeleide en gedelegeerde mag en besit geen dwingende mag nie. Daar kan gevolglik geen sprake wees dat die meerdere vergadering eiemagtig die Belydenisgrondslag en/of die kerkorde kan wysig sonder 'n tweederdemeerderheid van die plaaslike gemeentes daartoe ingestem het nie. Uit bovermelde blyk dit asof die NGKA van die veronderstelling uitgaan het dat die sinodale mag kumulatief van aard is dit wil sê dat die mag van die Sinode groter is as die Kerkraad. Met betrekking tot die vrywillige toestemming van die plaaslike gemeente is dit duidelik dat die vrywillige toestemming nie slegs 'n grondslag is nie, maar dat dit 'n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband asook die uiteindelike verbreking daarvan. Die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum)* behoort dus te berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke dit wil sê die uitsluiting van enige vorm van dwang. Die Algemene Sinode van die NGKA en die Moderatuur van die NGSK het geen regte meer dan die wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël nie. Die kerkreg wat in die negentiger jare stelselmatig in die NGSK en die NGKA na vore kom, is niks ander as 'n vorm van sinodale hiërargie nie.